<p>Upon completion of this module, the student should be able to:</p> <ul style="list-style-type: none"> • demonstrate advanced competence in the four makro language skills (listening, speaking, reading and writing) of Classroom English (this is underpinned by profound knowledge of and skills in the Interpersonal, Pedagogical and General aspects of the medium of instruction); • demonstrate fundamental knowledge of and competence in presentational skills such as loudness of voice, rate of delivery, variation in tone and pitch, articulation and fluency, as well as appropriate gestures and body language (presentational skills also entail the use of contextual cues that will help learners to link background content, language, and cultural knowledge to new knowledge); and • demonstrate profound knowledge of the principles underpinning competence in the methodological skills that teacher-trainees require vir effective L2MI. These include the ability to plan both content and language objectives vir each learning task, design suitable and appropriate materials, design and introduce contextual clues, encourage purposeful interaction, create a classroom atmosphere and attitudes that promote language acquisition and conceptual development, and employ fair and appropriate assessment strategies. 		
Modulekode: ETED211		NKR-Vlak
Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE METODIEK		
Module-uitkomst:		
<p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis van die NKV beleid oor Elektriese Tegnologie in die VOO-fase te demonstreer; • kennis en vaardighede in probleem gebaseerde onderrig benaderings te demonstreer; en • die vermoë om geskikte Tegnologie lesse te beplan volgens die unieke metodologie van Tegnologie, met en sonder hulpbronne te demonstreer. 		
Modulekode: ETED321		NKR-Vlak
Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE METODIEK		
Module-uitkomst:		
<p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p>		

<ul style="list-style-type: none"> • 'n goed afgeronde en sistematiese kennis te demonstreeer ten opsigte van kurrikulum ontwikkeling van Elektriese Tegnologie; • geskikte tipes assesseringstrategieë toe te pas en te bespreek in die verskillende taaktipes van 'n Tegnologie les en begrip te demonstreeer van die aard en praktyk van organisering en bestuursvaardighede in Tegnologie klaskamerbestuur; • die proses van die ontwerp en samestelling van portefoljies vir beide leerders en onderwysers in Tegnologie voor te stel en te kommunikeer; en • 'n bewustheid en begrip te toon vir die veiligheidsaspekte toepaslik in werksinkels, praktiese sentrum en Tegnologie klaskamers soos toegepas tydens tegnologie onderrig en leer. 		
Modulekode: ETED421		NKR-Vlak
Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE METODIEK		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> • 'n bewustheid en begrip van die veiligheidsaspekte toepaslik in die werksinkels, praktiese sentrums en Elektriese Tegnologie klaskamers; • ontwerp en samestelling van voldoende portefoljies vir beide leerders en onderwysers in Elektriese tegnologie; • 'n omvattende en kritiese begrip van die aard en praktyk van organisering en bestuursvaardighede in Elektriese Tegnologie sentrum bestuur te demonstreeer, met spesifieke verwysing na werksinkels, vir die beplanning en uitvoering van praktiese lesse in die Senior Fase; en • die vermoë te demonstreeer om kennis en vaardighede te integreer soos vereis word in die voorafgaande modules in die samestelling en voorstelling van 'n Elektriese Tegnologie opvoedingsprojek. 		
Modulekode: ETEE212		NKR-Vlak
Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student <ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis van elektriese beginsels met spesifieke verwysing na Ohm en Kirchhoff se wette te kan demonstreeer; • basiese kennis van elektriese / elektroniese komponente te demonstreeer en vaardighede in die gebruik van, maak van en toepassing van werksbeginsels van hierdie tipe komponente in die onderrigleer ervaring te toon, met spesifieke verwysing na die toepassing daarvan in die relevante skoolkurrikulum; • skriftelik en praktiese fundamentele kennis van halfgeleier materiale wat in elektronika gebruik word te demonstreeer; • meetinstrumente en die ossilloskoop te kan gebruik in die uitvoering van praktiese werksessies; 		
Modulekode: ETEE221		NKR-Vlak
Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> • skriftelik en in praktyk te demonstreeer dat hy/sy oor die basiese kennis van die volgende teorieë, toetse en prosesse beskik: opwekking van wisselende emk, maksimum- effektiewe- en gemiddelde waarde, middel ordinaat reël en fasors (grafies en analities). Basiese beginsel van elektromagnetiese, dinamiese- en statiese emk, histerese, gelykstroom masjiene, gelykstroom aansitters en analoge meters; en • bemeestering van die vaardighede en kennis om praktiese probleme op te los en demonstrasie van bevoegde vaardighede in die hantering van instrumente en masjinerie met inagneming van veiligheidsaspekte soos in die vak voorgeskryf. 		
Modulekode: ETEE311		NKR-Vlak
Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> • skriftelik en in praktyk te demonstreeer dat hy/sy oor die basiese kennis van elektriese teorieë, toetse en prosesse te beskik; • RLC serie- en parallel kringe, Q-faktor, resonante kringe, aktiewe- en reaktiewekomponente van stroom, metodes om drywingsfaktor te verbeter sowel as die fasordiagramme; • drie-fase wisselstroomstelsels, wisselstroom meetinstrumente (analoog), enkelfasetransformators, outotransformators en instrumenttransformators te verstaan; en • vaardighede en kennis om praktiese probleme op te los en demonstrasie van bevoegde 		

vaardighede in die hantering van instrumente en masjinerie met inagneming van veiligheidsaspekte soos in die vak voorgeskryf te bemeester.		
Modulekode: ETEE321		NKR-Vlak
Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • volledige en sistematiese kennis, insig en begrip van die funksionering en toepassing van Versterkers en halfgeleiers as studieveld van elektronika te kan demonstreeer; • vaardighede te toon om in groepe sowel as individu te kan werk in die ontwerp van voorspanningskringe en versterkers met behulp van halfgeleiers volgens spesifikasies; • kritiese analise, evaluering, en verbetering van sy/haar ontwerpe prakties te kan demonstreeer en om hierdie vaardighede te kan toepas in opvoedkundige praktyk, met inagneming van reëls en regulasies; en • fundamentele kennis, insig en begrip oor funksionering en toepassing van skakel en beheerkringe en ossillators in elektroniese stelsels te kan demonstreeer. 		
Modulekode: ETEE411		NKR-Vlak
Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis en insig met betrekking tot Rekenaarbeginsels as elektroniese komponente te kan demonstreeer; • met behulp van alle relevante elektroniese beginsels en prosesse te kan demonstreeer hoe om Boolese Algebra in logiese stroombane om te skakel, om Logika kombinasie stelsels te ontwerp en toepaslike praktiese vaardighede in die module te toon; en • te demonstreeer dat hy/sy die spesifieke uitkomste van hierdie module kan fasiliteer soos van toepassing in die NKV vir elektriese tegnologie. 		
Modulekode: ETEE422		NKR-Vlak
Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • skriftelik sowel as prakties bewys te kan lewer van afgeronde en sistematiese kennis van die volgende teorieë, toetse en prosesse: komplekse RLC-kringe, grafiese en wiskundige probleemoplossings, alle aspekte van drywing insluitend totale drywing, drywingsfaktor verbetering van motors en installasies; • die waardes van kapasitansie van motors en elektriese kringe te bepaal, driefase-transformators, instrumenttransformators, beligting, wisselstroommotors, en motoraansitters; en • praktykgerigte probleme op te los en om bedrewe handvaardighede te demonstreeer in die hantering van instrumente en masjiene met nakoming van alles veiligheidsaspekte en voorskrifte wat eie is aan hierdie vak. 		
Modulekode: GEOD321		NKR-Vlak
Titel: GEOGRAFIESE METODIEK: VOO-FASE		
Module-uitkomste:		
In die voltooiing van die module moet studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n goed-afgeronde en sistematiese kennis van Geografie-onderwys kan demonstreeer met spesifieke verwysing na die ontwerp en implementering van 'n Geografie-les, assesseringsmetodes, onderrigleerstyle, -metodes en -tegnieke asook relevante hulpbronne; • 'n koherente en kritiese begrip van terme, reëls, konsepte, beginsels en teorie van Geografie-onderwys te toon en oor die vermoë beskik om nuwe kennis 'n gegewe teorie te plaas; • die vermoë om met onbekende konkrete en abstrakte probleme en sake in Geografie-onderwys te handel deur van bewysgedrewe oplossings en teorie-gedrewe argumente in die beplanning van Geografie-lesse te gebruik asook om inligting voor te hou en te kommunikeer en eie idees en opinies oor temas verwant aan Geografie-onderwys in die VOO-fase te maak; • eties-korrekt en waardegedrewe op te tree in alle operasionele omstandighede en vorms van kommunikasie, skriftelik en mondeling. 		
Modulekode: GEOD411		NKR-Vlak
Titel: GEOGRAFIE METODIEK: VOO-FASE		
Module-uitkomste:		
In die voltooiing van die module moet studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis van Geografie-onderwys met spesiale verwysing na die 		

<p>onderrigleerstyle, -strategieë, -metodes, -tegnieke asook kurrikulumontwikkeling, -ontwerp en effektiewe implementering van leerervarings demonstreer;</p> <ul style="list-style-type: none"> • die vaardighede demonstreer om te evalueer watter van die elemente die mees effektiest is vir spesifieke leerinhoude in Geografie en dit uiteindelik in 'n kreatiewe, logiese en sistematiese manier te implementeer; • die vermoë te demonstreer om met onbekende konkrete en abstrakte probleme en sake in Geografie-onderrig te handel deur bewysgebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente te gebruik asook die vermoë te demonstreer om joernaalartikels, "scholar reviews" en primêre bronne te gebruik, die inligting aan te bied en te kommunikeer asook hul eie idees en opinies oor verwante temas in Geografie-onderrig in 'n goed gestruktureerde argument weer te gee; • Eties-korrekt en waardegedrewe op te tree in alle operasionele omstandighede en vorms van kommunikasie, skriftelik en mondeling. 		
Modulekode: GEOE111		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSGEOGRAFIE: FISIESE-, EKONOMIESE- EN BEVOLKINGSAGTERGROND VAN AFRIKA EN DIE RSA		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n fundamentele kennis demonstreer aangaande die ligging, politiese verspreiding, fisiese kenmerke en ekonomiese neigings van Afrika en die RSA teen die agtergrond van die globale konteks; • korrekte geografiese interpretasies, analyses, evaluerings en afleidings maak aangaande die fisiese, ekonomiese en politiese aspekte van die RSA en Afrika; • 'n sterk en uitgebreide kennis en begrip demonstreer rakende die algemene konsepte in bevolkingsgeografie, korrekte analyses en betekenisvolle interpretasies maak in die verband asook die herkenning, verduideliking en evaluering van interverwantskappe tussen topografiese, klimatologiese en mensgemaakte verskynsels in die RSA; en • ontwikkelde ekonomiese in Afrika te evalueer, insig en begrip toon aangaande die probleme in Afrika-lande en dit ook te evalueer binne die raamwerk van sy/haar eie lewens- en wêreldbeskouing asook die vermoë demonstreer om die verworwe kennis sodanig toe te pas dat 'n eties-verantwoordelike houding teenoor Afrika/Suid-Afrika en sy mense vertoon word. 		
Modulekode: GEOE121		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSGEOGRAFIE: PLANETÊRE GEOGRAFIE, KLIMATOLOGIE EN OSEANOLOGIE		
<p>Module-uitkomst: In die voltooiing van die module moet studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n fundamentele kennis rakende Planetêre Geografie, Klimatologie en Oseanografie binne die konteks van die Nasionale Kurrikulum te demonstreer; • relevante temas van Planetêre Geografie, Klimatologie en Oseanografie te identifiseer en wat die koherente begrip van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls ondersteun; • oor die vermoë te beskik om hul kennis te gebruik om algemene probleme binne 'n bekende konteks op te los en ook aan studente op skool aan te bied deur toepaslike tegnologie te gebruik; • in 'n eties-verantwoordbare wyse en waarde-gedrewe manier in alle operasionele omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe of verbaal op te tree. 		
Modulekode: GEOE211		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSGEOGRAFIE: STEDELIKE EN EKONOMIESE GEOGRAFIE		
<p>Module-uitkomst: In die voltooiing van die module moet studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennisbasis van Stedelike en Ekonomiese Geografie in konteks met die Nasionale Kurrikulum te demonstreer; • relevante temas vir 'n diverse gemeenskap verwysend na persoonlike, gemeenskaplike en ekonomiese gebiede te identifiseer en aktiwiteite te beplan wat die koherente begrip van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls ondersteun; • oor die vermoë te beskik om goed gedefinieerde maar onbekende probleme binne Stedelike en Ekonomiese Geografie op te los deur korrekte prosedures en toepaslike bewyse te lewer asook inligting aan te bied deur van basiese inligtingstegnologie gebruik te maak; • eties-korrekt en waardegedrewe op te tree in alle operasionele omstandighede en vorms van kommunikasie, skriftelik en mondeling. <p><u>Praktiese afdeling:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • demonstreer a grondige kennis, vaardighede, begrip en insig in die grondgebruik van stede en kwantitatiewe berekeninge en in staat wees om dit in die praktyk toe te pas 		

Modulekode: GEOE221		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSGEOGRAFIE: GEOMORFOLOGIE EN OMGEWINGSGEOGRAFIE		
Module-uitkomst:		
In die voltooiing van die module moet studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n sterk en uitgebreide kennis en begrip openbaar aangaande die interne- en eksterne kragte wat die veranderinge op aarde teweeg bring en dit ook in praktyk kan evalueer, instaat wees om konsepte aangaande omgewingsgeografie te identifiseer en te definieer asook 'n grondige kennis met voorbeelde te demonstreeer en illustreer rakende die funksionering van ekosisteme; • die interverwantskappe van die basiese beginsels in verband met geomorfologie en die omgewing te analiseer, te assesseer en te identifiseer; • 'n koherente en kritiese begrip van die invloed van menslike aktiwiteite op die geologie, atmosfeer, klimaat en hulpbronne met behulp van praktiese voorbeelde te illustreer en te vertoon, omgewingsprobleme krities te bespreek en moontlike oplossings te identifiseer; • die doel van die beginsels van volhoubare ontwikkeling te debatteer asook 'n positiewe en etiese verantwoordelike houding te openbaar teenoor die fisiese omgewing. 		
Modulekode: GEOE311		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSGEOGRAFIE: GEVORDERDE BEVOLKINGS – EN STEDELIKE GEOGRAFIE		
Module-uitkomst:		
In die voltooiing van die module moet studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n goed-afgeronde en sistematiese kennis van Bevolkings- en Stedelike Geografie binne die konteks van die Nasionale Kurrikulum te demonstreeer; • 'n koherente en kritiese begrip van die terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë in Bevolkings- en Stedelike Geografie te toon en die vermoë te hê om nuwe kennis in 'n gegewe teorie te plaas; • met onbekende konkrete en abstrakte probleme en sake in Bevolkings- en Stedelike Geografie te handel deur bewysgebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente te gebruik en inligting en hul eie idees en menings van temas in Bevolkings- en Stedelike Geografie in 'n goedgestruktureerde argument te kan weergee; • Eties-korrekt en waardegedrewe op te tree in alle operasionele omstandighede en vorms van kommunikasie, skriftelik en mondeling. 		
Modulekode: GEOE321		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSGEOGRAFIE: GEVORDERDE GEOMORFOLOGIE EN KLIMATOLOGIE		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende, uitgebreide kennis en insig demonstreeer aangaande konsepte en die toepassingsmoontlikhede van Suid Afrika se geologiese geskiedenis en gevolglike landvorme, grondsoorte en hidrologieë. Die student moet ook 'n sistematiese kennis demonstreeer aangaande gevorderde klimatologiese verskynsels op 'n globale en Suider Afrikaanse skaal; • landvorme, landskappe en klimaatsverskynsels kan analiseer wat omgewingstoestande oor tyd en gedurende hul oorsprong reflekteer en dit te evalueer binne die geologiese tydskonteks; • die kondisies wat lei tot globale geologiese en klimatologiese verskynsels te bespreek en krities te evalueer; • instaat wees om met ander individue, binne groepsverband op 'n eties-verantwoordbare wyse, saam te werk tydens probleemoplossing van leerinhoud van hierdie module. Studente moet ook instaat wees om kleinskaalse navorsing aangaande relevante onderwerp binne die module te kan uitvoer. 		
Modulekode: HISD321		NKR-Vlak
Titel: GESKIEDENISMETODIEK: VOO-FASE		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module, behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n volronde en sistematiese begrip van Geskiedenis vakdidaktiek te demonstreeer binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • vaardighede te demonstreeer in die beplanning van onderrigstrategieë, assessering en onderrig- en leersteunmiddelle; • die bevoegdheid te demonstreeer om onderrigstrategieë, assessering en onderrig- en leersteunmiddelle te beplan en te ontwerp; en • waardes van eties-professionele aard te demonstreeer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifest oor Waardes, Onderwys en Demokrasie. 		

Modulekode: HISD411		NKR-Vlak
Titel: GESKIEDENISMETODIEK: VOO-FASE		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module, behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n uitgebreide en en sistematiese kennis van die Geskiedenis vak- didaktiek te demonstreer binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • uitgebreide vaardighede te demonstreer in die analisering en sintetisering van bronne; beplan, ontwerp en implementeer verskillende assesseringstrategieë; die opstel van toetse, eksamenvraestelle en memorandum sowel as jaarbeplanning (leerprogramme en werkskedules); • die bevoegdheid te demonstreer om bronne te analiseer en te sintetiseer en prakties te beplan, ontwerp en implementeer verskillende assesseringstrategieë; die opstel van toetse, eksamenvraestelle en memorandum sowel as jaarbeplanning (leerprogramme en werkskedules); en • waardes van eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie. 		
Modulekode: HISE111		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSGESKIEDENIS: ASPEKTE VAN ANTIEKE EN MODERNE WÊRELDGESKIEDENIS (ANTIEK TOT 2000)		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module, behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis en 'n goeie begrip te demonstreer oor Antieke en Moderne Wêreldgeskiedenis vanaf antiek tot 2000 binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • die vaardigheid om primêre en sekondêre bronne te deurvors deur onderskeid te tref; dit op te spoor en effektief verskillende historiese bronne te kan interpreteer ten einde dit verbaal of in geskrewe vorm te kommunikeer; • die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te demonstreer om politieke, sosiale en ekonomiese kwessies aan te spreek binne die konteks van Antieke en Moderne Wêreldgeskiedenis, (antiek tot 2000); en • waardes van eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie. 		
Modulekode: HISE121		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSGESKIEDENIS: ASPEKTE VAN AFRIKA EN SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS (ANTIEK TOT 1870)		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis en 'n goeie begrip te demonstreer oor Afrika en die Suid-Afrikaanse Geskiedenis vanaf antiek tot 1870 binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • die vaardigheid om primêre en sekondêre bronne te deurvors deur onderskeid te tref; dit op te spoor en effektief verskillende historiese bronne te kan interpreteer ten einde dit verbaal of in geskrewe vorm te kommunikeer; • die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te demonstreer om politieke, sosiale en ekonomiese kwessies aan te spreek binne die konteks van Afrika en Suid-Afrikaanse Geskiedenis vanaf antiek tot 1870; en • waardes van eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie. 		
Modulekode: HISE211		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSGESKIEDENIS: ASPEKTE VAN SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS (1836 – 1948)		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n stewige kennisbasis en 'n goeie begrip te demonstreer oor aspekte van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1836-1948 binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • die vaardigheid om primêre en sekondêre bronne te deurvors deur onderskeid te tref; dit op te spoor en effektief verskillende historiese bronne te kan interpreteer ten einde dit verbaal of in geskrewe vorm te kommunikeer; • die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te demonstreer om politieke, sosiale en 		

<p>ekonomiese kwessies aan te spreek binne die Suid-Afrikaanse konteks, 1836-1948; en</p> <ul style="list-style-type: none"> • waardes van eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifest oor Waardes, Onderwys en Demokrasie.
--

Modulekode: HISE 221	NKR-Vlak
-----------------------------	----------

Titel: ONDERWYSGESKIEDENIS: ASPEKTE VAN AFRIKA EN 20STE EEU SE WÊRELDGESKIEDENIS (1870 – 1990)

<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n stewige kennisbasis en 'n goeie begrip te demonstreer oor aspekte van Afrika en 20ste eeuse Wêreldgeskiedenis (1870-1990) binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • die vaardigheid om primêre en sekondêre bronne te deurvors deur verskillende historiese bronne te kan identifiseer, ontleed, interpreteer en sintetiseer ten einde dit verbaal of in geskrewe vorm te kommunikeer; • die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te demonstreer om politieke, sosiale en ekonomiese kwessies aan te spreek binne die konteks van Afrika en 20ste eeuse Wêreldgeskiedenis (1870-1990); en • waardes van eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifest oor Waardes, Onderwys en Demokrasie.

Modulekode: HISE 311	NKR-Vlak
-----------------------------	----------

Titel: ONDERWYSGESKIEDENIS: ASPEKTE VAN EUROPESE EN WÊRELDGESKIEDENIS (1914 – 2000)
--

<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n volronde en sistematiese begrip te demonstreer oor aspekte van die Europese en Wêreldgeskiedenis (1914-2000) binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • die vaardigheid om primêre en sekondêre bronne te deurvors deur onderskeid te tref; dit op te spoor en effektief verskillende historiese bronne te kan interpreteer ten einde dit verbaal of in geskrewe vorm te kommunikeer; • die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te demonstreer om politieke, sosiale en ekonomiese kwessies aan te spreek binne die konteks van die Europese en Wêreldgeskiedenis; en • waardes van eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifest oor Waardes, Onderwys en Demokrasie.

Modulekode: HISE 321	NKR-Vlak
-----------------------------	----------

Titel: ONDERWYSGESKIEDENIS: ASPEKTE VAN SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS (1948 – 2000)
--

<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n volronde en sistematiese begrip te demonstreer oor aspekte van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis (1948-2000) binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • die vaardigheid om primêre en sekondêre bronne te deurvors deur onderskeid te tref; dit op te spoor en effektief verskillende historiese bronne te kan interpreteer ten einde dit verbaal of in geskrewe vorm te kommunikeer; • die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te demonstreer om politieke, sosiale en ekonomiese kwessies aan te spreek binne die Suid-Afrikaanse konteks (1948-2000); en • waardes van eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifest oor Waardes, Onderwys en Demokrasie
--

Modulekode: INTD321	NKR-Vlak
----------------------------	----------

Titel: INLIGTINGSTEGNOLOGIEMETODIEK: VOO FASE
--

<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module moet die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde kennis demonstreer van departementele beleidsdokumente rakende Inligtingstegnologie in die VOO-fase, leerprogramme en werkskedules in toepaslike leerkontekste, sowel as 'n verskeidenheid assesseringstegnieke, -metodes en -instrumente wat in Inligtingstegnologie toepaslik is; • grondige vaardighede demonstreer in die evaluering van bestaande voorbeelde van

<p>leerprogramme en werkskedules, die beplanning en aanbieding van beide teoretiese en praktiese lesse en die beplanning en implementering van die beginsels van assessering in Inligtingstegnologie;</p> <ul style="list-style-type: none"> • die vermoë demonstreer om leerkontekste en leerprogramme te implementeer en toe te pas ten einde betekenisvolle leer in Inligtingstegnologie moontlik te maak; en • die vermoë demonstreer om die doel van Inligtingstegnologie as vak op skoolvlak te evalueer en te debatteer. 		
Modulekode: INTD411		NKR-Vlak
Titel: INLIGTINGSTEGNOLOGIMETODIEK : VOO FASE		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • uitgebreide en sistematiese kennis demonstreer van departementele beleidsdokumente rakende Inligtingstegnologie in die VOO-fase, leerprogramme en werkskedules in toepaslike leerkontekste, 'n verskeidenheid assesseringstegnieke, -metodes en -instrumente wat in Inligtingstegnologie toepaslik is, sowel as leermateriaal vir Inligtingstegnologie en die organisasie en administrasie van die rekenaarsentrum; • grondige vaardighede demonstreer in die analise, interpretasie en toepassing van departementele dokumentasie rakende Inligtingstegnologie, die beplanning, aanbieding en evaluering van beide teoretiese en praktiese lesse en die beplanning, implementering en evaluering van die beginsels van assessering in Inligtingstegnologie; • die vermoë demonstreer om leerkontekste en leerprogramme te implementeer en toe te pas ten einde betekenisvolle leer in Inligtingstegnologie moontlik te maak en toepaslike leeraktiwiteite te ontwikkel om studente se bereiking van spesifieke assesseringstandaarde te meet; en • die vermoë demonstreer om die profiel van die ideale Inligtingstegnologie-fasiliteerder te evalueer en te debatteer. 		
Modulekode: INTE111		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSINLIGTINGSTEGNOLOGIE: INLEIDING TOT REKENAARSTELSELS		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis oor rekenaarstelsels en die omgewing, stelselsagteware, verskeie getalstelsels en binêre logika te demonstreer; • praktiese vaardighede in stelselsagteware ontwikkeling, bewerkings met verskeie getalstelsels en data voorstelling te demonstreer; • die vermoë om basies goed-gedefinieerde maar onbekende probleme ten opsigte van onderwerpe in hierdie module op te los, en om die onderrig en leer van die onderwerpe te fasiliteer; • begrip rakende etiese aspekte met die gebruik van rekenaars te demonstreer. 		
Modulekode: INTE121		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSINLIGTINGSTEGNOLOGIE : DATABASES		
<p>Module-uitkomst: Wanneer hierdie module voltooi is, behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis te demonstreer van die ontwerp van 'n databasis, wat insluit data-integriteit, -sekuriteit en -geldigheid; • gevorderde vaardighede te demonstreer in die normalisering van data, skep van tabelle, relasies, navrae, vorms, verslae en makro's; • die vermoë te demonstreer om basiese goed-gedefinieerde, tog onbekende, maar toegepaste skoolgerigte probleme op te los deur gebruik te maak van Microsoft Access, asook om onderrig en leer van databasisse te fasiliteer; en • die vermoë te demonstreer om die etiese aspekte aangaande die gebruik van databasisse te evalueer. 		
Modulekode: INTE211		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSINLIGTINGSTEGNOLOGIE: REKENAARNETWERK EN WEBBLADONTWERP		
<p>Module-uitkomst: Na afhandeling van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis van rekenaarnetwerke, data transmissie in netwerke, die Internet en sagteware geskik vir webbladontwerp te demonstreer; • verskillende netwerke, media wat in datakommunikasie gebruik word en netwerktopologieë met mekaar te kan vergelyk, en praktiese vaardighede en goeie webbladontwerp beginsels te demonstreer, • vaardighede in probleemoplossing van praktiese probleme oor rekenaarnetwerke en 		

<p>webbladontwerp te demonstreer, en die vaardigheid om die relevante onderwerpe in rekenaarnetwerke en webbladontwerp in die toepaslike graad binne die onderrig en leer situasie te fasiliteer;</p> <ul style="list-style-type: none"> die vaardigheid te demonstreer om lang- en korttermyn implikasies van die Internet en die gebruik daarvan binne die onderwys krities te evalueer. 			
Modulekode: INTE221		NKR-Vlak	
Titel: ONDERWYSINLICHTINGTEGNOLOGIE: INLEIDING TOT DELPHI PROGRAMMERING			
<p>Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module, moet die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n grondige kennis van visuele programontwikkeling en objekgeoriënteerde programmering kan demonstreer; praktiese vaardighede in algoritmes en elementêre Delphi programme kan demonstreer; probleemoplossingsvaardighede in Delphi programmering te kan demonstreer en daartoe in staat kan wees om hierdie vermoëns en vaardighede binne 'n onderwys situasie te kan fasiliteer; etiese aspekte rakende programmering te kan evalueer en demonstreer. 			
Modulekode: INTE311		NKR-Vlak	
Titel: ONDERWYSINLICHTINGTEGNOLOGIE: INTERMEDIËRE DELPHI PROGRAMMERING			
<p>Module-uitkomste: Tydens die voltooiing van hierdie module, moet die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> uitgebreide kennis van visuele programme en programontwikkeling asook die integrasie van objekgeoriënteerde programmering en databasisse in Delphi kan demonstreer; uitgebreide praktiese vaardighede in die gebruik van prosedures, funksies, databasisse en SQL in Delphi programmering kan demonstreer; gevorderde probleemoplossingsvaardighede met Delphi program-mering kan demonstreer en die vermoëns en vaardighede binne die onderrigsituasie kan fasiliteer; en etiese aspekte rakende programmering kan evalueer. 			
Modulekode: INTE321		NKR-Vlak	
Titel: ONDERWYSINLICHTINGTEGNOLOGIE: GEVORDERDE DELPHI PROGRAMMERING			
<p>Module-uitkomste: Met die voltooiing van hierdie module moet die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> afgeronde kennis van visuele programontwikkel asook die integrasie van databasisse in die objekgeoriënteerde taal Delphi demonstreer, sistematiese vaardighede in die gebruik van databasisse, data modules, meervoudige vorms, objekte, klasse en metodes in Delphi programmering demonstreer, gevorderde probleemoplossingsvaardighede om onbekende, maar lewenswerklike probleme op te los, te demonstreer met die gebruik van Delphi programmering en om ook daartoe in staat te wees om hierdie vermoëns en vaardighede in die onderrigsituasie te fasiliteer, en die vermoë om die etiese aspekte rakende programmering te demonstreer. 			
Modulekode: ITEE211		NKR-Vlak	
Titel: INGENIEURS TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS			
<p>Module-uitkomste: Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n deeglike kennis en praktiese vaardighede met betrekking tot die veilige gebruik en hantering van presisie instrumente en spesiale gereedskap en apparaat te demonstreer; skriftelik en met behulp van sketse presisie meetinstrumentlesings te kommunikeer en die spesiale gereedskap en apparaat toepaslik vir meganiese tegnologie en die Pas- en Draai werkwinkel te kan identifiseer en evalueer; 'n verskeidenheid ingenieurs materiale (asook saamgestelde materiale) met betrekking tot die tipe (yster en nie-yster, allooie, plastiek ens) en die vervaardigingsproses te kan identifiseer; die eienskappe en toepassings van toetse (bv. Brinell, ens) wat op ingenieursmateriale gedoen word te kan bespreek en evalueer; 'n deeglike kennis van hittebehandelingsprosesse op staal te demonstreer en die eienskappe en die resultate verkry te evalueer; en bogenoemde uitkomstes vir skoolleerders in 'n didaktiese situasie te fasiliteer. 			

Modulekode: ITEE211		NKR-Vlak
Titel: INGENIEURS TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike kennis en praktiese vaardighede met betrekking tot die veilige gebruik en hantering van presisie instrumente en spesiale gereedskap en apparaat te demonstree; • skriftelik en met behulp van sketse presisie meetinstrumentlesings te kommunikeer en die spesiale gereedskap en apparaat toepaslik vir meganiese tegnologie en die Pas- en Draai werkswinkel te kan identifiseer en evalueer; • 'n verskeidenheid ingenieurs materiale (asook saamgestelde materiale) met betrekking tot die tipe (yster en nie-yster, allooie, plastiek ens) en die vervaardigingsproses te kan identifiseer; • die eienskappe en toepassings van toetse (bv. Brinell, ens) wat op ingenieursmateriale gedoen word te kan bespreek en evalueer; • 'n deeglike kennis van hittebehandelingsprosesse op staal te demonstree en die eienskappe en die resultate verkry te evalueer; en 		
bogenoemde uitkomste vir skoolleerders in 'n didaktiese situasie te fasiliteer.		
Modulekode: ITEE221		NKR-Vlak
Titel: INGENIEURS TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • deeglike kennis en basiese vaardighede (skriftelik en in praktyk) oor die gebruik, onderhoud en toepassing van veiligheidsregulasies met betrekking tot kraggereedskap en -masjinerie (boormasjiene, slypers en draaibanke) te demonstree; • 'n deeglike kennis te demonstree van semi-permanente hegtingsmetodes om verskillende voorwerpe te heg; en • al dié uitkomste in hierdie module aan skoolleerders in 'n didaktiese situasie te fasiliteer. 		
Modulekode: ITEE311		NKR-Vlak
Titel: INGENIEURS TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • simbole, eenhede, terminologie en prosedures te interpreteer om verskillende vervaardigingsmetodes soos boorwerk, snywerk, vylwerk, haaksbewerking en draaiwerk (op die draaibank) om 'n produk te maak; • die belangrikheid om werk op die draaibank te balanseer en die voordele en nadele van gebalanseerde- en ongebalanseerde werk krities te vergelyk ten opsigte van slytasie en veiligheid en berekeninge wat nodig is vir korrekte metodes om 'n werkstuk te balanseer, te kan doen; • te onderskei tussen tipes kragte wat op meganiese komponente toegepas word; • basiese toetse te kan uitvoer om verskeie meganiese beginsels soos krag, druk en draaimomente deur gebruik te maak van mate en meters en toepaslike apparaat te demonstree; en • bogenoemde uitkomste aan skoolleerders in 'n didaktiese situasie te kan fasiliteer. 		
Modulekode: ITEE322		NKR-Vlak
Titel: INGENIEURS TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis en praktiese vaardighede in die veilige gebruik van meganiese masjiene / tegnologie en die eienskappe en gebruike van verskeie nie-ysterhoudende metale, nie-ysterhoudende legerings, samestellings / verbindings van sintetiese materiale en 'n kritiese evaluering te kan maak oor die voordele en nadele verbonde aan hierdie materiale vir die meganiese ingenieursveld sowel as vir alledaagse gebruik in die samelewing; • 'n afgeronde kennis te demonstree aangaande die veilige toepassings van meganiese aandrywings soos bande en katrolle, ratte (berekening van draai snelhede), nokke, hefbome, skroefdrade, skakelings en wenasse; en • oor die vermoë te beskik om in veranderende- en onbekende leerkontekste te kan funksioneer wat verantwoordelikheid en inisiatief vereis om al die bogenoemde uitkomste aan skoolleerders te kan kommunikeer en fasiliteer. 		
Modulekode: ITEE412		NKR-Vlak
Titel: INGENIEURS TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		

<ul style="list-style-type: none"> • werkwinkelbestuur en -onderhoud krities te kan evalueer en bespreek en aan die hand van verworwe kennis 'n werkwinkeluitleg vir 'n spesifieke omstandigheid te kan ontwerp; • 'n omvattende kennisbasis te demonstreer ten opsigte van die gebruike van freesmasjiene, die funksie van die verskillende onderdele en 'n ingeligte en kritiese begrip te hê van die verskillende freessnyers en eenvoudige freesbewerkings; • 'n uitgebreide kennis te kan demonstreer van die onderdele en gebruike van die verdeelkop en die uitvoer en berekeninge van direkte (snel) indeksering, eenvoudige indeksering en hoekige indeksering; en • oor die vermoë te beskik om in veranderende- en onbekende leerkontekste te kan funksioneer wat verantwoordelikheid en inisiatief vereis om bogemelde uitkomst akademies-professioneel en effektief aan skoolleerders te kan kommunikeer en fasiliteer. 		
Modulekode: ITEE422		NKR-Vlak
Titel: INGENIEURS TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomst:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • meer gevorderde bewerking op die freesmasjien te kan demonstreer en krities te evalueer, insluitende differensiale indeksering en die toepaslike berekening daarvoor; • 'n omvattende kennis te kan demonstreer aangaande rattandterme, berekeninge en effektiewe werkkingsvaardighede besit vir die sny van reguit tandratte, heliese ratte en tandstange deur gebruik te maak van die verdeelkop en ratopstellings; • 'n kritiese evaluering te kan doen van die beginsels van rekenaar gekontroleerde en -beheerde masjiene, data te kan identifiseer, krities te analiseer en integreer in die verskillende programmeringsbeginsels en vervaardigingsprosesse; en • oor die vermoë te beskik om in veranderende- en onbekende leerkontekste te kan funksioneer wat verantwoordelikheid en inisiatief vereis om bogemelde uitkomst akademies-professioneel en effektief aan skoolleerders te kan kommunikeer en fasiliteer. 		
Modulekode: LAAC121		NKR-Vlak
Titel: INLEIDING TOT LEERAREA KUNS EN KULTUUR		
Module-uitkomst:		
Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort u:		
<ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van basiese kennis en 'n ingeligte begrip van Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste in die Leerarea Kuns en Kultuur binne die konteks van die Nasionale Kurrikulum; • inligting aangaande die hoofkonsepte en elemente van Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste binne die konteks van die Nasionale Kurrikulum te kan toepas, verstaan, definieer, klassifiseer en kommunikeer; • daartoe in staat te wees om goed gedefinieerde probleme te kan oplos ter fasilitering van leer deur die toepassing van kennis van die elemente van die Kunste in die Intermediêre en Senior Fase ooreenkomstig die leeruitkomst en assesseringstandaarde van die Leerarea Kuns en Kultuur in die Nasionale Kurrikulumverklaring; en • daartoe in staat te wees om bewys te kan lewer van eties verantwoordelike gedrag en om die onderskeie rolle van die onderwyser binne die Leerarea Kuns en Kultuur te kan vervul. 		
Modulekode: LAAD211		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA KUNS EN KULTUURMETODIEK: SNR-FASE		
Module-uitkomst:		
Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort u:		
<ul style="list-style-type: none"> • Bewys te kan lewer van 'n grondige kennisbasis en deeglike begrip van hoe om lesse voor te berei en werkskedules en leerprogramme in Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste in die Senior Fase te kan beplan; • inligting oor verskeie onderrigmetodes wat eie is aan Kuns- en Kultuur-onderrig, krities te kan ontleed, sintetiseer en evalueer; • oor die vermoë te beskik om goed gedefinieerde maar onbekende probleme te kan oplos deur praktiese vaardighede toe te pas terwyl u leer in praktiese aktiwiteite in Dans, Drama en Musiek in die Senior Fase fasiliteer; en • verskillende wêreldbeskouinge met u eie te kan vergelyk, met inagneming van verskillende onderrigmetodes, en kennis in praktiese onderwys te kan toepas. 		
Modulekode: LAAD321		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA KUNS EN KULTUURMETODIEK: INT FASE		
Module-uitkomst:		
Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort u:		

<ul style="list-style-type: none"> • Oor goed afgeronde en sistematiese kennisbasis te beskik en 'n samehangende en kritiese begrip te hê van hoe om lesse, werkskedules en leerprogramme in Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste in die Intermediêre Fase te kan beplan; • inligting oor verskeie assesseringspraktieke wat eie is aan Kuns- en Kultuur-onderrig krities te kan ontleed, sintetiseer, evalueer en aan te bied deur IT-vaardighede toepaslik te gebruik; • bewys te kan lewer van die vermoë om konkrete en abstrakte probleme en vraagstukke te kan oplos deur praktiese vaardighede toe te pas terwyl u leer in praktiese aktiwiteite in Dans, Drama en Musiek in die Intermediêre Fase fasiliteer; en • u eie wêreldbeskouing met betrekking tot Kuns en Kultuur te kan verwoord terwyl u verskeie assesseringspraktieke en kennis tydens praktiese onderwys toepas. 		
Modulekode: LAAD411		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA KUNS EN KULTUURMETODIEK		
Module-uitkomst:		
Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort u:		
<ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van 'n uitgebreide en sistematiese kennisbasis van beginsels van didaktiek in die onderrig van Afrika-dans, Afrika-drama, Afrika-musiek en Afrika Visuele Kunste in die Intermediêre Fase; • onafhanklik die waarde van spel in die Leerarea Kuns en Kultuur te kan evalueer, en speletjies in Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste in die Leerarea Kuns en Kultuur in die Intermediêre Fase te kan toepas; • bewys te kan lewer van die vermoë om ingewikkelde en/of werklike wêreldprobleme te kan identifiseer en ontleed en dit te kan hanteer deur praktiese onderrigvaardighede tydens mikro-lesse en praktiese onderwys in die Leerarea Kuns en Kultuur in die Intermediêre Fase te kan toepas; en • alle menings vanuit u eie goed gevestigde wêreldbeskouing te kan evalueer terwyl u Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste in die Leerarea Kuns en Kultuur tydens mikro-lesse en tydens praktiese onderwys onderrig, en bewys te kan wees van sosiale en etiese implikasies van die toepassing van kennis in 'n bepaalde konteks. 		
Modulekode: LAAD421		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA KUNS EN KULTUURMETODIEK: SNR-FASE		
Module-uitkomst:		
Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort u:		
<ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van 'n uitgebreide en sistematiese kennisbasis en 'n samehangende en kritiese begrip van onderrig in geïntegreerde Kunste; multikulturele Kunste en inklusiewe Kunste; • verskillende modelle waarvolgens die Kunste in die Leerarea Kuns en Kultuur in die Senior Fase geïntegreer kan word, kritiese te kan ontleed en sintetiseer en onafhanklik te kan evalueer; • bewys te kan lewer van die vermoë om ingewikkelde en/of werklike wêreldprobleme te kan identifiseer en ontleed en dit te kan hanteer deur genres toe te pas wat inherent geïntegreer is, soos teater- en musikale storievertelling; en • alle menings vanuit u eie goed gevestigde wêreldbeskouing te kan evalueer terwyl u inklusiewekunste-onderwys in die Leerarea Kuns en Kultuur tydens mikro-lesse en praktiese onderwys toepas, en bewys te kan wees van sosiale en etiese implikasies van die toepassing van kennis in 'n bepaalde konteks. 		
Modulekode: LAAE111		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA KUNS EN KULTUUR		
Module-uitkomst:		
Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort u:		
<ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van die vermoë om fundamentele en ingeligte begrip te toon van hoe om werke in al die kunsvorme te skep, interpreteer en aan te bied, en bewys te wees van die verhoudings tussen kunsvorme binne die konteks van die Nasionale Kurrikulum; • om tegnieke te ontwerp en interpreteer, en kunswerke te kan aanbied wat kultuurdiversiteit, menseregte, omgewingsaangeleenthede, nasiebou, erfenis en magsverhoudings tussen die wêreld- en plaaslike kultuur ondersteun, verken en benadruk; • bewys te kan lewer van die vermoë om goed gedefinieerde probleme te kan oplos deur toepaslike aktiwiteite en lesse in die Intermediêre en Senior Fase te skep en beplan wat skoolstudente sal help om kontemporêre werke in die Kunste te skep en interpreteer en ook aan te bied; • eties verantwoordelike gedrag te openbaar in die prosesse van skep, interpreteer en aanbied van kunswerke in al die Kunste. 		

Modulekode: LAAE121		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA KUNS EN LULTUUR		
Module-uitkomste:		
Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort u:		
<ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan leer van fundamentele kennis en ingeligte begrip van hoe om nuanses van kulturele uitdrukking te kan lees en gebruik om sodoende betekenis deur die Kunste oor te dra; meervoudige kommunikasie- en uitdrukkingsvorme in Kuns en Kultuur te kan ontleed en gebruik en bewys te kan wees van die verhoudings tussen die verskillende kunsvorme; • meervoudige kommunikasie- en uitdrukkingsvorme in die Kunste oor onderwerpe soos natuurlike en gevonde hulpbronne, omgewings-vraagstukke, rituele, erfenis, stereotiperingsvraagstukke, diskrimi-nasie en vooroordeel, massamedia en tegnologie te kan ontleed en kan toepas; • bewys te kan lewer van die vermoë om goed gedefinieerde probleme tydens die beplanning van toepaslike aktiwiteite en lesse in die Intermediêre en Senior Fase te kan oplos wat skoolstudente sal help om uitdrukking te kan gee deur middel van Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste; • eties verantwoordelike gedrag te openbaar in u pogings van uitdrukking en kommunikasie deur die Kunste. 		
Modulekode: LAAE211		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA KUNS EN KULTUUR		
Module-uitkomste:		
Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort u:		
<ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van 'n grondige kennisbasis en deeglike begrip van die geskiedenis van die Kunste, begrippe, estetika, kultuur en erfenis asook van die verskillende wyses waarop sosiale en kulturele groepe die Kunste beoefen en betekenisinhoude deur middel daarvan oordra, en bewys te wees van hoe die Kunste verband hou met verwante areas; • inligting oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede krities te kan ontleed en sintetiseer. • bewys te kan lewer van die vermoë om goed gedefinieerde maar onbekende probleme tydens die beplanning van toepaslike aktiwiteite en lesse in die Intermediêre en Senior Fase op te los wat die skoolstudent sal help om op kritiese en kreatiewe wyse kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in ag te neem; en • verskillende wêreldbeskouings met u eie te kan vergelyk, terwyl u oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style besin. 		
Modulekode: LAAE221		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA KUNS EN KULTUUR		
Module-uitkomste:		
Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort u:		
<ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van 'n grondige kennisbasis en deeglike begrip van die belangrikheid van persoonlike en sosiale ontwikkeling en die ontwikkeling van die vermoë om individueel en in samewerking met andere aan aktiwiteite in die Kunste te kan werk met die oog daarop om heling en nasiebou te kweek, en bewys te wees van hoe die Kunste verband hou met verwante areas; • persoonlik en interpersoonlike vaardighede in aktiwiteite in Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste te kan toepas wat verband hou met vraagstukke deur byvoorbeeld 'n wye verskeidenheid hulpbronne te gebruik, verskeie opvattinge te ontwikkel, by nuwe idees en nuwe situasies te kan aanpas, goeie sosiale verhoudings op te bou, nasiebou te bevorder, inligting oor loopbane in die Kunste te deel en groepaktiwiteite te benut om ervarings van magsverhoudings te verken en deel, en inligting krities te kan ontleed en sintetiseer; • bewys te kan lewer van die vermoë om goed gedefinieerde maar onbekende probleme met betrekking tot die beplanning van toepaslike aktiwiteite en lesse in die Intermediêre en Senior Fase te kan oplos wat die skoolstudente sal help om die vermoë te ontwikkel om individueel en in samewerking met andere in Kunste-aktiwiteite te kan werk; en • verskillende wêreldbeskouings met u eie te kan vergelyk terwyl u individueel en in samewerking met andere aan aktiwiteite in die Kunste werk. 		
Modulekode: LABD211		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA EKONOMIESE BESTUURSWETENSKAPPENMETODIEK: SNR-FASE		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor 'n grondige kennisbasis van die leernitkomste en assesseringstandaarde van toepassing op EBW in die senior fase en assessering te beskik; • 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teorieë in hierdie verband toon; temas relevant tot die nasionale kurrikulum verklarings in die senior fase van EBW te 		

<p>identifiseer en aktiwiteite in hierdie verband te beplan deur die gebruik van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls; onbekende en abstrakte informasie in hierdie verband te gebruik en voor te stel deur grafieke en teoretiese gedrewe argumente en dit vervolgens aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT vaardighede om te versamel, te organiseer, kritiese te analiseer en te interpreteer;</p> <ul style="list-style-type: none"> • probleemoplossingsvermoëns te demonstreer tydens die beplanning en aanbieding van lesse in EBW; • EBW eties, samehorig en betroubaar aan die studente in die klaskamer op 'n effektiewe wyse te kommunikeer, deur die gebruik van individuele en groep metodes. 		
Modulekode: LABD321		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA EKONOMIESE BESTUURSWETENSKAPPETODIEK: INT FASE		
Module-uitkomst:		
Na die voltooiing van hierdie module moet die student in staat wees:		
<ul style="list-style-type: none"> • om oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van die nasionale kurrikulum verklaring van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die intermediêre fase (grade 4-6) beskik; • 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë rakende assessering, onderrig hulpmiddels binne en buite die klaskamer en lesbeplanning toon; • bekende en abstrakte inligting in hierdie verband te gebruik deur die gebruik van grafieke en teorie-gedrewe argumente; • rekenaarvaardighede te gebruik om in te samel, te organiseer, kritiese te analiseer en te interpreter; • didaktiese aspekte in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe eties, samehorig en betroubaar aan die studente in die klaskamer op 'n effektiewe wyse te kommunikeer, deur die gebruik van individuele en groep metodes 		
Modulekode: LABD411		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA EKONOMIESE BESTUURSWETENSKAPPETODIEK		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • die nasionale kurrikulum verklaring van toepassing op die Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die intermediêre fase krities te analiseer, te sintetiseer en te evalueer, die vaardigheid te toon in die ontwikkeling van onderwyser portefeuljes, leerprogramme en effektief te assesser, oor die vermoë te beskik om akademies-professionele inligting effektief aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT vaardighede en om die vak Ekonomiese en Bestuurswetenskappe effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes aan graad 4 – 9 studente op die Uitkomsgebaseerde Onderwys metode te kan aanbied. 		
Modulekode: LABD421		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA EKONOMIESE BESTUURSWETENSKAPPETODIEK: SNR FASE		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module behoort jy in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor 'n uitgebreide, in-diepte en sistematiese kennisbasis van die nasionale kurrikulum verklaring van toepassing op die Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die senior fase te beskik met 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë in hierdie verband; • om temas relevant tot die nasionale kurrikulum verklaring van toepassing op die Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die senior fase te identifiseer en aktiwiteite te beplan wat die samehorige verstaan van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls ondersteun; • onbekende en abstrakte inligting in hierdie verband te gebruik deur die gebruik van grafieke en teorie-gedrewe argumente; rekenaarvaardighede te gebruik om in te samel, te organiseer, kritiese te analiseer en te interpreter; probleemoplossingsvermoëns te demonstreer tydens die beplanning en aanbieding van lesse in EBW; EBW eties, samehorig en betroubaar aan die studente in die klaskamer op 'n effektiewe wyse te kommunikeer, deur die gebruik van individuele en groep metodes. 		
Modulekode: LAND211		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA NATUURWETENSKAPPETODIEK SNR FASE		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Omvattende en sistematiese kennis van die volgende temas in Natuurwetenskaplike onderrig te demonstreer: Die aard en struktuur van Natuurwetenskap, Uitkomst in Natuurwetenskap en die Lesplan in Natuurwetenskap; 		

<ul style="list-style-type: none"> • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddels; • 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennissisteme speel in opvoedkundige kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-professionele houding en gedrag as fasiliteerder jeens Natuurwetenskappe-inhoude te openbaar. 		
Modulekode: LAND321		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA NATUURWETENSKAPPEMETODIEK INT FASE		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die studente: <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis van die volgende temas in Natuurwetenskaplike onderrig binne die konteks van UGO te demonstreer: Fasilitering in die Intermediêre Fase, Didaktiese beginsels van Natuurwetenskappe Onderrig en die Leerarea Natuurwetenskappe laboratorium; • probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los, aktiwiteite te kan beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • die vermoë om probleemoplossend, betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem, op te tree deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddels; • 'n waardering vir die bydrae van inheemse kennissisteme op opvoedkundige kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-professionele houding en gedrag as fasiliteerder jeens Natuurwetenskappe-inhoude te openbaar 		
Modulekode: LAND411		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA NATUURWETENSKAPPEMETODIEK INT FASE		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die studente: <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis binne die Leerarea Natuurwetenskap van die volgende te openbaar: beplanning (vakraamwerk, werkskedule en lesplan); assessering en laboratoriumtegnieke • probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los, aktiwiteite te kan beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • die vermoë om probleemoplossend, betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem, op te tree deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddels; • 'n waardering vir die bydrae van inheemse kennissisteme op opvoedkundige kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-professionele houding en gedrag as fasiliteerder jeens Natuurwetenskappe-inhoude te openbaar. 		
Modulekode: LAND421		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA NATUURWETENSKAPPEMETODIEK: SNR FASE		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die studente: <ul style="list-style-type: none"> • 'n Omvattende en sistematiese kennis van die volgende temas in Natuurwetenskaplike onderrig te demonstreer: Fasilitering in die Senior Fase, Didaktiese beginsels van Natuurwetenskappe Onderrig en die Leerarea Natuurwetenskappe laboratorium; • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddels; • 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennissisteme speel in opvoedkundige kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-professionele houding en gedrag as fasiliteerder jeens Natuurwetenskappe-inhoude te openbaar. 		
Modulekode: LANE211		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA NATUURWETENSKAPPE: MATERIE EN MATERIALE		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die studente: <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van die volgende temas in Natuurwetenskappe te demonstreer: struktuur van materie, klassifikasie van materie, materiale en chemiese 		

<p>veeranderinge.</p> <ul style="list-style-type: none"> • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; • 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennisstelsels speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Natuurwetenskappe-inhoude te openbaar. 		
Modulekode: LANE221		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA NATUURWETENSKAPPEMETODIEK: AARDE EN DIE BUITENSTE RUIMTE		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module, behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis en 'n goeie begrip te demonstreer oor die plek van Geografie binne die Natuurwetenskappe as Leerarea binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • die vaardigheid te demonstreer om temas relevant aan Planetêre Geografie, Klimatologie, Geomorfolgie, Oseanografie en Kartografie te deurvors en aktiwiteite te beplan wat die samehangende begrip van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls duidelik ondersteun; • die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te demonstreer deur take te beplan en voor te lê met spesifieke toepassing op Geografie binne die Leerarea Natuurwetenskappe deur toepaslike tegnologie te gebruik en bewys te lewer van teoretiese onderbou; en • waardes van eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die verhouding tussen die omgewing op aarde, die buitenste ruimte en mensdom in ooreenstemming met Die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie; • praktiese afdeling: fundamentele kennis, begrip en insig te demonstreer oor die tipes kaarte sowel as vaardighede toe te pas om rigting, skaal, afstand en oppervlaktes te bereken deur gebruik te maak van kaarte ten einde dit prakties te kan toepas. 		
Modulekode: LANE 311		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA NATUURWETENSKAPPE: LEWE EN LEWENDE DINGE		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis van die volgende temas in die Leerarea Natuurwetenskap te demonstreer: sekere lewensprosesse, ekosisteme en energievloei deur ekosisteme, biodiversiteit, verandering en kontinuïteit; • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; • 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennisstelsels speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Natuurwetenskappe-inhoude te openbaar 		
Modulekode: LANE321		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA NATUURWETENSKAPPE: ENERGIE EN ENERGIEVERANDERINGE		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van die volgende temas in Natuurwetenskappe te demonstreer: energie en werk, oordrag van energie deur middel van deeltjies, oordrag van energie deur middel van golwe en elektrisiteit; • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; • 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennisstelsels speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Natuurwetenskappe-inhoude te openbaar. 		
Modulekode: LASD211		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA SOSIALE WETENSKAPPEMETODIEK: SNR FASE		

Module-uitkomst:		
Met voltooiing van die module behoort studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis te demonstreer van Sosiale Wetenskappe as leerarea binne die konteks van die Nasionale kurrikulum verklaring; • basiese vaardighede van die beplanning en ontwerp van 'n elementêre les te demonstreer; • die bevoegtheid te openbaar om lesse te beplan, te ontwerp en aan te bied deur 'n verskeidenheid hulpbronne te gebruik; • waardes van 'n eties-professionele aard te demonstreer rakende die mens en omgewingsregte wat voldoen aan die Manifes van waardes, opvoeding en demokrasie. 		
Modulekode: LASD321		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA SOSIALE WETENSKAPPEMETODIEK: INT FASE		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde kennis te demonstreer om geografie- en geskiedenislesse te ontwerp en te implementeer asook die verskillende onderrigbenaderings in Sosiale Wetenskappe te verstaan en te evalueer om gevolglik die mees toepaslike onderrigbenadering en –hulpmiddels kreatief en effektief aan te wend; • toepaslike vaardighede te demonstreer om 'n geografie- en geskiedenisles, as sub-dissiplines van die Sosiale Wetenskappe, te ontwerp asook die kreatiewe en effektiewe inkorporering van ander leerareas; • bevoegtheid te demonstreer om 'n gepaste omgewingsprojek te inisieer, te bestuur en te assesseer volgens die korrekte UGO-beginsels en regulasies asook die verskillende onderrigbenaderings in die Sosiale Wetenskappe te evalueer deur die mees gepaste onderrighulpmiddels effektief en kreatief te gebruik; • Kennis te openbaar aangaande eties-professionele waardes in lesontwerp en praktiese onderwys. 		
Modulekode: LASD411		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA SOSIALE WETENSKAPPEMETODIEK: INT FASE		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n uitgebreide en sistematiese kennis van Sosiale Wetenskappe as Leerarea te demonstreer binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • uitgebreide vaardighede te demonstreer in die beplanning, ontwerp en aanbieding van 'n les; • die bevoegdheid te demonstreer om lesse te beplan, ontwerp en aan te bied deur alle beskikbare onderrigbenaderings, -metodes, -strategieë, en onderrig en leersteunhulpmiddele aan te wend; en waardes van eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die ontwerp van leerervarings en praktiese onderwys met betrekking tot die mens en omgewingsregte wat in ooreenstemming is met Die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie 		
Modulekode: LASD421		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA SOSIALE WETENSKAPPEMETODIEK: SNR-FASE		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor afgeronde en sistematiese kennis te beskik om 'n Geografie en Geskiedenis leerervaring sistematies en kreatief te kan ontwerp en as sub-dissiplines van die Sosiale Wetenskappe te kan implementeer en te kan demonstreer. Dit sluit in die uitgebreide gebruik van verskillende onderrigstegnieke soos byvoorbeeld inligting en kommunikasie tegnologie; • uitgebreide kennis en toepaslike vaardighede te demonstreer om 'n gevorderde Geografie- en Geskiedenisles, as subdissiplines van die Sosiale Wetenskappe, te ontwerp, te implimiteer en te demonstreer asook kundig en kreatief ander leerareas hierby te integreer. Verder moet die student die onderskeie onderrigbenaderings in die Sosiale Wetenskappe verstaan en evalueer om gevolglik die korrekte benadering effektief in leerervarings te implementeer asook kreatief en effektief van gepaste onderrighulpmiddels gebruik te maak; • die bevoegdheid te demonstreer om gepaste leerervarings, werkkaarte, assesseringsrubrieke, toets/eksamens en memorandums aangaande sinoptiese weerkaarte, topografiese kaarte en lugfoto's volgens UGO en geografies-didaktiese beginsels te ontwerp; en • waardes van eties-professionele aard toe te pas in leerervaring ontwerp en praktiese onderwys. 		
Modulekode: LESE111		NKR-Vlak
Titel: LEERDERONDERSTEUNING (Addisionele module)		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		

<ul style="list-style-type: none"> • 'n Fundamentele kennis en begrip te demonstreer van verskeie benaderings, beleidsaspekte, prosesse, terminologieë en konsepte ten opsigte van inklusiewe onderwys en studentondersteuning • Die implementering van inklusiewe onderwys in Suid Afrika en die implikasies daarvan vir die onderwyser te verduidelik om sodende 'n duidelike begrip te demonstreer ten opsigte van die verskillende benaderings, terminologieë en konsepte • Kritiese en kreatiewe denke asook probleemoplossingsvaardighede te demonstreer ten opsigte van verskeie praktykgerigte inklusie situasies in skole in Suid Afrika • 'n Begrip en toepaslike houding te demonstreer ten opsigte van basiese en etiese beginsels wat verband hou met inklusie en studentondersteuning. 	NKR-Vlak
Modulekode: LESE121	
Titel: LEERDERONDERSTEUNING (Addisionele module)	
Module-uitkomst:	
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Fundamentele kennis en begrip te demonstreer van verskillende kategorieë van hindernisse tot leer • Vaardighede te demonstreer om die verskillende kategorieë van hindernisse tot leer te identifiseer gebaseer op die kennis verwerf. • Kritiese en kreatiewe denke asook probleemoplossingsvaardighede te demonstreer ten opsigte van die studentondersteuningsproses vir die verskillende kategorieë van hindernisse tot leer • 'n Begrip en toepaslike houding te demonstreer ten opsigte van die etiek en respek by die gebruik van die hindernisse tot leer se korrekte terme 	NKR-Vlak
Modulekode: LESE211	
Titel: LEERDERONDERSTEUNING (Addisionele module)	
Module-uitkomst:	
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Volronde en sistematiese kennis en begrip te demonstreer van verskillende fisieke en neurale gestremdhede asook intellektuele gestremdhede • Vaardighede te demonstreer om die verskillende fisieke en neurale gestremdhede asook intellektuele gestremdhede te identifiseer en te verduidelik gebaseer op die kennis verwerf. • Kritiese en kreatiewe denke asook probleemoplossingsvaardighede te demonstreer ten opsigte van die studentondersteuningsproses vir die verskillende fisieke en neurale gestremdhede asook intellektuele gestremdhede • 'n Begrip en toepaslike houding te demonstreer ten opsigte van die student wat fisieke en neurale gestremdhede asook intellektuele gestremdhede ervaar 	NKR-Vlak
Modulekode: LESE221	
Titel: LEERDERONDERSTEUNING (Addisionele module)	
Module-uitkomst:	
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Volronde en sistematiese kennis en begrip te demonstreer van verskillende ernstige meervoudige gestremdhede asook kroniese siektes • Vaardighede te demonstreer om die verskillende ernstige meervoudige gestremdhede asook kroniese siektes te identifiseer en te verduidelik gebaseer op die kennis verwerf. • Kritiese en kreatiewe denke asook probleemoplossingsvaardighede te demonstreer ten opsigte van die studentondersteuningsproses vir die verskillende ernstige meervoudige gestremdhede asook kroniese siektes • 'n Begrip en toepaslike houding te demonstreer ten opsigte van die student wat ernstige meervoudige gestremdhede asook kroniese siektes ervaar 	NKR-Vlak
Modulekode: LESE311	
Titel: LEERDERONDERSTEUNING (Addisionele module)	
Module-uitkomst:	
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Uitgebreide en sistematiese kennis en begrip te demonstreer van verskillende sensoriese gestremdhede asook leergestremdhede • Vaardighede te demonstreer om verskillende sensoriese gestremdhede asook leergestremdhede te identifiseer en in detail te verduidelik gebaseer op die kennis verwerf. • Kritiese en kreatiewe denke asook probleemoplossingsvaardighede te demonstreer ten opsigte van die studentondersteuningsproses vir verskillende sensoriese gestremdhede asook leergestremdhede • 'n Begrip en toepaslike houding te demonstreer ten opsigte van die student wat van verskillende sensoriese gestremdhede asook leergestremdhede ervaar 	NKR-Vlak

Modulekode: LESE321		NKR-Vlak
Titel: LEERDERONDERSTEUNING (Addisionele module)		
Module-uitkomst:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Uitgebreide en sistematiese kennis en begrip te demonstreeer van verskillende psigiese, emosionele en gedragsprobleme • Vaardighede te demonstreeer om verskillende psigiese, emosionele en gedragsprobleme te identifiseer en in detail te verduidelik gebaseer op die kennis verwerf. • Kritiese en kreatiewe denke asook probleemoplossingsvaardighede te demonstreeer ten opsigte van die studentondersteuningsproses vir verskillende psigiese, emosionele en gedragsprobleme • 'n Begrip en toepaslike houding te demonstreeer ten opsigte van die student wat van verskillende psigiese, emosionele en gedragsprobleme ervaar 		
Modulekode: LEWV112		NKR-Vlak
Titel: LEWENSWAARDIGHEDE: INTRA-PERSOONLIK		
Module-uitkomst:		
<ul style="list-style-type: none"> • Dit gaan oor die fasilitering van lewensvaardighede wat nodig is om in 'n voortdurend veranderende samelewing te kan aanpas. Tydens die onderrig van lewensvaardighede word gefokus op die bemagtiging van student om verantwoordelikheid te neem vir hulle studies, om self-bestuur vaardighede te ontwikkel en om hul denke te bevorder. Die oogmerk is om student in staat te stel om besluite te kan neem, om gesonde verhoudings te kan handhaaf, om doelwitte te kan stel en om beroepsgereed te wees. 		
Modulekode: LEWV211		NKR-Vlak
Titel: LEWENSWAARDIGHEDE: INTER-PERSOONLIK		
Module-uitkomst:		
<ul style="list-style-type: none"> • Dit gaan oor die fasilitering van lewensvaardighede wat nodig is om in 'n voortdurend veranderende samelewing te kan aanpas. Tydens die onderrig van lewensvaardighede word gefokus op die bemagtiging van student om verantwoordelikheid te neem vir hulle studies, om self-bestuur vaardighede te ontwikkel en om hul denke te bevorder. Die oogmerk is om student in staat te stel om besluite te kan neem, om gesonde verhoudings te kan handhaaf, om doelwitte te kan stel en om beroepsgereed te wees. 		
Modulekode: LIFD321		NKR-Vlak
Titel: LEWENSWETENSKAPPEMETODIEK: VOO FASE		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis van die volgende : Die Lewenswetenskappe-onderwyser; Beleidsdokumente van toepassing op Lewenswetenskappe; Bemeestering van Lewenswetenskappe; Die Wetenskaplikemetode van ondersoek. • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los asook om aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip v d idees, teorieë, beginsels en reëls binne d temas ondersteun; • Probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; • 'n waardering te demonstreeer vir die eties-professionele vereistes en verantwoordelikhede wat daar gestel word aan 'n Lewens-wetenskappe-onderwyser. 		
Modulekode: LIFD411		NKR-Vlak
Titel: LEWENSWETENSKAPPEMETODIEK: VOO-FASE		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis van die volgende : Beplanning (vakraamwerk, werkskedule en lesplan); Assessering; Laboratoriumtegnieke; Omgewingsopvoeding. • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los asook om aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip v d idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; • 'n waardering te demonstreeer vir die eties-professionele vereistes en verantwoordelikhede wat daar gestel word aan 'n Lewens-wetenskappe- onderwyser. 		

Modulekode: LIFE111		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSELEWENSWETENSKAPPE: BIOCHEMIE, SEL EN SELAKTIWITEITE		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van die volgende temas te demonstreer: Die wetenskaplike metode; basiese chemie en biochemie; die sel en selaktiwiteite (seldeling, nukleïensure, fotosintese en selrespirasie); • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; • 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennisstelsels speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Lewenswetenskappe-inhoude te openbaar 		
Modulekode: LIFE121		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSELEWENSWETENSKAPPE: BAKTERIA, ARCHAEA EN PLANTEA		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van die volgende temas in Lewenswetenskappe te demonstreer: die klassifikasie van lewende dinge, eienskappe van virusse en organismes in die domeine: Bakteria en Archaea, die evolusionêre ontwikkeling van die domein: Eukarya (uitsluitend die diereryk), verskillende plantfilums te kan vergelyk, die morfologie en anatomie van Angiospermatophyta, fisiologie m.b.t. water- en nutriëntopname in plante en die analise en vergelyking van die voortplanting, groei en ontwikkeling van plante; • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; • 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennisstelsels speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Lewenswetenskappe-inhoude te openbaar 		
Modulekode: LIFE211		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSELEWENSWETENSKAPPE: PROTISTA, ANIMALIA, FISILOGIE VAN MENS		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis van die volgende temas te demonstreer: Domein Eucarya (Ryke Protista en Animalia), digotomesleutels; Histologie (soogdierweefsels); Anatomie en Fisiologie in die mens (terminologie, kardiiovaskulêre-, limf-, en immuunstelsels). • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; • 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennisstelsels speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Lewenswetenskappe-inhoude te openbaar. 		
Modulekode: LIFE221		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSELEWENSWETENSKAPPE: FISILOGIE VAN DIE MENS		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis van die volgende stelsels van die menslike Anatomie en Fisiologie te demonstreer: Voortbeweging-, spier-, voeding-, gaswisseling-, uitskeiding- en osmoregulering-, koördinasie en termoreguleringstelsels; • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; 		

<ul style="list-style-type: none"> 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennissteme speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Lewenswetenskappe-inhoude te openbaar 		
Modulekode: LIFE311		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSELEWENSWETENSKAPPE: EKOLOGIE EN VOLHOUBARE LEWE		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> 'n afgeronde en sistematiese kennis van die volgende temas in Lewenswetenskappe te demonstreer: ekosisteme, populasie-dinamika en die menslike impak op ekostelsels en kwantitatiewe ekologie; sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun; probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennissteme speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Lewenswetenskappe-inhoude te openbaar 		
Modulekode: LIFE321		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSELEWENSWETENSKAPPE: EVOLUSIE, FISIOLOGIE VAN DIE MENS (VOORTPLANTING EN GENETIKA)		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> 'n afgeronde en sistematiese kennis van die volgende temas in Lewenswetenskappe te demonstreer: voortplanting van die mens, genetica en die evolusieteorie; sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun; probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak; 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennissteme speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Lewenswetenskappe-inhoude te openbaar 		
Modulekode: LIFF121		NKR-Vlak
Titel: LEWENVAARDIGHEDE: FUNDAMENTEEL		
Module-uitkomst:		
Na afloop van hierdie module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> 'n fundamentele kennisbasis te demonstreer van die terminologie, reëls, konsepte, beginsels en teorieë van Lewensvaardighede vir opvoeders met betrekking tot self-konsep, self-bestuur, die stel van persoonlike doelwitte, HIV/VIGS bewustheid en nasionale HIV/VIGS beleid; die vermoë te demonstreer om essensiële teorieë en teks met betrekking tot die waarde en betekenis van die onderrig van Lewensvaardighede kan interpreteer, omskakel, evalueer en aanwend, moet hom/haarself en ander in 'n positiewe lig sien, funksioneer as 'n unieke individu in sy/haar eie omgewing, versperrings in die lewe in 'n nuwe lig beskou en HIV/VIGS bewustheid sowel as nasionale HIV/VIGS beleid bevorder; die vermoë te demonstreer om die kennis wat bekom is aan te wend ten einde algemene probleme op te los binne die bekende konteks van Lewensvaardighede vir opvoeders met betrekking tot self-konsep, self-bestuur, die stel van persoonlike doelwitte, HIV/VIGS bewustheid sowel as die nasionale HIV/VIGS beleid, deur gebruik te maak van gepaste tegnologiese vaardighede en bewys te lewer van teoretiese ondersteuning; en op 'n eties verantwoordelike en waarde-gedrewe manier op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe en mondeling van aard, wat verwant is aan die waarde en betekenis van die onderrig van Lewensvaardighede sowel as die konsepte van 'ubuntu', HIV/VIGS en die nasionale HIV/VIGS beleid. 		
Modulekode: LITA122		NKR-Vlak
Titel: GELETTERDHEID EERSTE ADDISIONELE TAAL: AFRIKAANS		
Module-uitkomst:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> 'n fundamentele kennis te kan demonstreer rakende die onderrig van 'n addisionele taal (Afrikaans) in die Grondslagfase wat die onderrig van beginsels en uitkomst soos gespesifiseer 		

<p>deur die Nasionale Kurrikulumverklaring die Totale Geletterdheidsmodel en beginsels gebaseer op die ontwikkeling en uitbreiding van woordeskat en die ontwerp van lesplanne wat gebaseer is op uitkomsgerigte beginsels, insluit;</p> <ul style="list-style-type: none"> • probleme te kan identifiseer en oplos met betrekking tot bogenoemde temas en beplande aktiwiteite wat gebaseer is op die verstaan van temas en die gepaardgaande teoretiese beginsels; • 'n fundamentele kennis van die beplanning en aanbieding van 'n les volgens 'n gegewe formaat en assesseringskriteria, asook die gebruik van die mees effektiewe onderrigvaardighede en assesseringstrategieë binne 'n spesifieke onderrigleer omgewing te demonstree; en • die basiese beginsels van geletterdheid op 'n eties verantwoordbare wyse gedurende groepwerk, in die klaskamer en ook die gemeenskap kan demonstree. 		
Modulekode: LITA123		NKR-Vlak
Titel: LITERACY 1ST ADDITIONAL LANGUAGE (ENGLISH)		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>After you have completed this module, you should:</p> <ul style="list-style-type: none"> • demonstrate a fundamental knowledge of various aspects relating to the teaching of Literacy, specifically English as a first additional language in the Foundation Phase including: the principles and outcomes as specified by the RNCS; specifications regarding first additional language acquisition; the Total Literacy Model and principles on which to build language learning activities; aspects of cooperative learning; the development and extension of vocabulary and designing lesson plans based on OBE principles; • identify and solve common problems within a familiar context of the above mentioned themes and plan activities based on the understanding of ideas and theoretical principles of the themes; • demonstrate a fundamental knowledge of planning and presenting a lesson in accordance with a given format and assessment criteria, and use the most effective instructional skills and assessment strategies for a specific teaching-learning environment; and • demonstrate the basic principles of literacy in an ethically responsible manner during group work, in the classroom and in the community. 		
Modulekode: LITA222		NKR-Vlak
Titel: GELETTERDHEID EERSTE ADDISIONELE TAAL: AFRIKAANS		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n stewige kennisbasis met goeie begrip van geletterdheidspesifiek Afrikaans as eerste addisionele taal in die Grondslagfase te demonstree wat die verskillende onderrigstrategieë, metodes en tegniek en die korrekte aanwending daarvan, die ontwikkeling van luister- en praatvaardighede en die gebruik daarvan, insluit; • kennis te gebruik vir die oplossing van spesifieke probleme binne die konteks van bogenoemde temas en die beplanning van aktiwiteite wat gebaseer is op die verstaan van idees en teoretiese beginsels van die temas; • 'n fundamentele kennis van die beplanning en aanbieding van 'n les volgens 'n gegewe formaat en assesseringskriteria, asook die gebruik van die mees effektiewe onderrigvaardighede en assesseringstrategieë binne 'n spesifieke onderrigleer omgewing te demonstree; en • die basiese beginsels van geletterdheid op 'n eties verantwoordbare wyse gedurende groepwerk, in die klaskamer en ook die gemeenskap te demonstree. 		
Modulekode: LITA223		NKR-Vlak
Titel: LITERACY FIRST ADDITIONAL LANGUAGE – ENGLISH		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Upon completion of the module, the learners should:</p> <ul style="list-style-type: none"> • demonstrate a solid knowledge base and an invirmed understanding of Literacy, specifically English as a first additional language in the Foundation Phase including various language teaching strategies, methods and techniques and the cofrect application thereof; the development of listening and speaking skills and the application thereof; the Creation of barriers to effective listening and how these can be avoided and assessment standards vir listening and speaking and the application thereof; • use their knowledge to solve well-defined problems that are both routine and unfamiliar within the context of the above mentioned themes and plan activities based on the understanding of ideas and theoretical principles of the themes; • demonstrate the ability to plan and present a lesson in accofdance with a given virmat and assessment Criteria, and use the most effective instructional skills vir selected teaching and assessment strategies vir a specific teaching-learning environment; • demonstrate the basic values of literacy in an ethically responsible manner during group wofk, in 		

the classroom and in the community.		
Modulekode: LITA312		NKR-Vlak
Titel: GELETTERDHEID EERSTE ADDISIONELE TAAL: AFRIKAANS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n volronde en sistematiese kennis met goeie begrip van geletterdheid, spesifiek Afrikaans as eerste addisionele taal in die Grondslagfase te demonstreeer, wat die assesseringstandaarde van lees en skryf en die toepaslike assessering daarvan, fonetiek, die onderrig van spelling en woordesboek gebruik, die ontwikkeling van lees- en skryfvaardighede en die gebruik van geskikte metodes; en die aanvangsituasie tot lees in die eerste addisionele taal en die skryfproses en die aanwending daarvan insluit. • om kennis te gebruik vir die oplossing van spesifieke probleme binne die konteks van bogenoemde temas en die beplanning van aktiwiteite wat gebaseer is op die verstaan van idees en teoretiese beginsels van die temas; • 'n fundamentele kennis van die beplanning en aanbidding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van bogenoemde teorie en gebruik van tegnologie te demonstreeer; en • eie idees en opinies in goed gestruktureerde argumente op 'n professionele wyse te demonstreeer. 		
Modulekode: LITA313		NKR-Vlak
Titel: LITERACY FIRST ADDITIONAL LANGUAGE – ENGLISH		
Module-uitkomste:		
Upon completion of this module, the learners should:		
<ul style="list-style-type: none"> • demonstrate a well-rounded knowledge base and sound understanding of Literacy, specifically English as a first additional language in the Foundation Phase including: the assessment standards vir reading and writing and the application thereof; phonics and the teaching of spelling and dictionary use; the development of reading and writing skills and the application of suitable methods; identify learners' entry situation to reading in the first additional language and the writing process and the application thereof; • demonstrate an ability to solve well-defined but unfamiliar problems using correct procedures and appropriate evidence based on the above mentioned themes and plan activities based on the understanding of ideas and theoretical principles of the themes; • demonstrate the ability to solve problems in relation to the planning and presentation of lessons and practical sessions within the context of the above mentioned theory by using basic information technology; • demonstrate own ideas and opinions in well-structured arguments in a professional manner. 		
Modulekode: LITG211		NKR-Vlak
Titel: GELETTERDHEID: VISUELE KUNS		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis en deeglike begrip van visuele geletterdheid te demonstreeer deur kuns konsepte, beginsels, style inhoud, materiaal en tegnieke te beskryf; 'n begrip te demonstreeer van die proses van kritiese analise en om redes vir estetiese evaluering te verskaf; • inligting oor visuele geletterdheid te kan analiseer en sintetiseer, skryf en navorsingsvaardighede in die studie van opvoedkundige kuns in die Grondslagfase te ondersoek; • die vermoë om goed gedefinieerde maar onbekende probleme in die beplanning van gepaste onderrig en leeraktiwiteite in die Grondslagfase op te los deur gebruik te maak van die informele benadering tot lesaanbidding in kuns; en • eties verantwoordbare gedrag te demonstreeer terwyl daar gereflekteer word of die diversiteit van kinderkuns in die Grondslagfase in die konteks van 'n multikulturele samelewing. 		
Modulekode: LITG322		NKR-Vlak
Titel: ONDERWYS/AFRIKAANS: AKADEMIESE ONDERBOU VIR GRONDSLAFASE-ONDERWYSERS		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van grondige kennis van die eie aard van kinder-, jeug- en volwassenerliteratuur en van die verskille daartussen en in staat te wees om sy/haar kennis kan gebruik vir die identifisering van geskikte tekste vir aanwending as leer materiaal in die grondslagfase • 'n vir-grondslagfase-opvoeders-relevante prosawerk as literêre teks te kan analiseer en evalueer; • die funksies van verskillende taal- en konsepsionele elemente van gedigte te kan vasstel en die bydrae daarvan tot die artistieke betekenisgeheel te kan beskryf en waardeer; 		

<ul style="list-style-type: none"> kennis van literêr-teofetiese aspekte en insig in die hantering van vakterme en -begrippe in die poësie te demonstreer deur Afrikaanse gedigte selfstandig te kan ontsluit; skoolprogramrelevante aspekte van die Afrikaanse fonetiek, morfologie, sintaksis en tekslinguïstiek te kan gebruik om sy haar eie (voorbeeld)skryfwerk te verbeter en om leer ten opsigte van klanke, letters, woorde, sinne en teksstrukturering in die grondslagfase met kundigheid te kan fasiliteer. 		
Modulekode: LITG 323		NQF-Level:
Title: LITERACY: ACADEMIC ENGLISH HOME LANGUAGE		
Module Outcomes:		
<ul style="list-style-type: none"> Demonstrate fundamental knowledge of the characteristics of children's literature. Analyse and evaluate prose relevant to the Foundation Phase. Identify and appreciate linguistic, conceptual and aesthetic elements in rhymes and verses relevant to the Foundation Phase. Apply knowledge of phonetics, morphology and syntax effectively in their own written and spoken communication and facilitate effective language acquisition in the foundation phase. 		
Modulekode: LITG413		NKR-Vlak
Title: LITERACY ACADEMIC ENGLISH: FIRST ADDITIONAL LANGUAGE		
Module-uitkomst:		
Upon completion of this module, the student should :		
<ul style="list-style-type: none"> demonstrate advanced competence in the four makro language skills (listening, speaking, reading and writing) of Classroom English. This is underpinned by profound knowledge of and skills in the Interpersonal, Pedagogical and General aspects of the medium of instruction; demonstrate extensive knowledge of and competence in presentational skills such as loudness of voice, rate of delivery, variation in tone and pitch, articulation and fluency, as well as appropriate gestures and body language. Presentational skills also entail the use of contextual cues that will help learners to link background content, language, and cultural knowledge to new knowledge; demonstrate profound knowledge of the principles underpinning competence in the methodological skills that teacher-trainees require vir effective L2MI. These include the ability to: <ul style="list-style-type: none"> plan both content and language objectives vir each learning task; design suitable and appropriate materials; design and introduce contextual clues; encourage purposeful interaction; create a classroom atmosphere and attitudes that promote language acquisition conceptual development; and employ fair and appropriate assessment strategies 		
Modulekode: LITH112		NKR-Vlak
Title: GELETTERDHEID IN DIE HUISTAAL: AFRIKAANS		
Module-uitkomst:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
- die gevorderde woordeskat, funksies, grammatiek en vaardighede toepas om opdragte, versoeke en basiese dialoog te vorm;
- gevorderde lees, luister-, skryf- en spraakvaardighede in Sesotho te demonstree binne die skoolsituasie;
- om die Sesotho taal en kultuur te verstaan om te begryp hoe om die multikulturele situasie in skole beter te kan hanteer en om eties korrek op te tree in die onderrigssituasie met die nodige sensiwiteit tot kulturele verskille

Septho sa mojulu: Pheletsong ya mojulo ona baithuti ba tshwanela ho kgona ho:

- bontsha tsebo e kenelletseng ya tlotlontswe, tshbediso, kwahollopuo le tshbediso ya Sesotho dibakeng tse fapaneng mme ba kgone le ho bopa tsebo ya mekga e fapaneng ya moetlo wa Sesotho;
- sebedisa tsebo e kenelletseng ya tlotlontswe, tshbediso, kwahollopuo, le bokgoni hore ho tle ho kgonahale ho bopa ditaelo, dikopo le puisano ya motheo;
- bontsha tsebo e kenelletseng ya bokgoni ba ho bala, ho mamela, ho ngola le ho bua Sesotho sekolong; le
- utlwisisa puo ya Sesotho le moetlo hore ho tle ho kgonahale ho ka ikemela ka hara memetlo e fapaneng sekolong mme o itshwara ka tsela e nepahetseng e hlomphang diphapang tse tseng meetlong nakong ya ha o ruta

Modulekode: SOCF 122		NKR-Vlak
Titel: SESOTHO KOMMUNIKASIE VIR TWEDE TAALSPREKERS		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die studente:		
<ul style="list-style-type: none"> kennis van basiese woordeskat, funksies, grammatiek en Sesotho vaardighede te demonstreer in geselekteerde situasies en moet kennis van verskillende Sesotho kulture kan konstrueer; die basiese woordeskat, funksies, grammatiek en vaardighede toepas om opdragte, versoeke en basiese dialoog te vorm; basiese lees, luister-, skryf- en spraakvaardighede in Sesotho te demonstreer binne die skoolsituasie; om die Sesotho taal en kultuur te verstaan om te begryp hoe om die multikulturele situasie in skole beter te kan hanteer en om eties korrek op te tree in die onderrigssituasie met die nodige sensiwiteit tot kulturele verskille 		
Sepheto sa mojulu: Pheletsong ya mojulo ona bathuti ba tshwanela ho kgonahale ho kgonahale		
<ul style="list-style-type: none"> bontsha tsebo e kenelletseng ya tlolontswe, tsebediso, kwahollopuo le tsebediso ya Sesotho dibakeng tse fapaneng mme ba kgone le ho bopa tsebo ya mekga e fapaneng ya moetlo wa Sesotho; sebedisa tsebo e kenelletseng ya tlolontswe, tsebediso, kwahollopuo, le bokgoni hore ho tle ho kgonahale ho bopa ditaelo, dikopo le puisano ya motheo; bontsha tsebo e kenelletseng ya bokgoni ba ho bala, ho mamela, ho ngola le ho bua Sesotho sekolong; le utlwisisa puo ya Sesotho le moetlo hore ho tle ho kgonahale ho ka ikemela ka hara memetlo e fapaneng sekolong mme o itshwara ka tsela e nepahetseng e hlomphang diphapang tse tseng meetlong nakong ya ha o ruta 		
Modulekode: SPSO411		NKR-Vlak
Titel: SPORTSTUDIES		
Module-uitkomst:		
<ul style="list-style-type: none"> Die student moet in staat wees om 'n omvattende kennisvlak, praktiese vaardighede en 'n waardesistiem te demonstreer met betrekking tot gekose sport aktiwiteite wat uit teoretiese sowel as praktiese komponente bestaan; 'n omvattende kennisvlak en toepassingsvaardighede te demonstreer in die teoretiese komponente met betrekking tot sport (motoriese ontwikkeling; sportfisiologie, sportfilosofie en sportbestuur) en in die praktiese afrigtingsituasie 'n sertifikaar in 'n erkende skool sport te verwerf. 		
Modulekode: SSSE111		NKR-Vlak
Titel: INLEIDING TOT DIE LEERAREA SOSIALE WETENSKAPPE		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> fundamentele kennis en 'n goeie begrip te demonstreer oor die Leerarea Sosiale Wetenskappe binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; die vaardigheid te demonstreer om temas relevant aan Geografie en Geskiedenis wat betrekking het op die omgewing en multikulturele gemeenskap te deurvors, en aktiwiteite te beplan wat die samehangende begrip van konsepte en kwessies ondersteun ten einde dit verbaal of in geskrewe vorm te kommunikeer; die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te demonstreer deur take te beplan en voor te lê met spesifieke toepassing van die twee dissiplines van die Leerarea Sosiale Wetenskappe deur toepaslike tegnologie te gebruik en bewys te lewer van teoretiese onderbou; en waardes van eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die verhouding tussen die omgewing en die gemeenskap in ooreenstemming met Die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie. 		
Modulekode: STEE121		NKR-Vlak
Titel: INLEIDING TOT LEERAREA TEGNOLOGIE		
Module-uitkomst:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> Oor basiese kennis te beskik van die leerarea Tegnologie in die Suid-Afrikaanse skolestelsel deur die definisie, doel, unieke eienskappe en omvang van die leerarea te kan verduidelik; volledige kennis te kan kommunikeer van al drie leeruitkomst en assesseringstandaarde van die leerarea Tegnologie; en die beginsels van uitkomsgebaseerde onderrig te kan demonstreer soos dit van toepassing is op die leerarea tegnologie. 		

Modulekode: TECD211		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA TEGNOLOGIEMETODIEK: SNR FASE		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor fundamentele kennis te beskik aangaande die NKV-beleid vir die leerarea Tegnologie; • die rasionaal agter Tegnologieonderrig in skole te kan verduidelik, sowel as die realiteite wat Suid-Afrikaanse skole in die gesig staar aangaande Tegnologieonderrig; • oor die vermoë te beskik om gepaste Tegnologielesse te beplan in ooreenstemming met die unieke metodologie van Tegnologie; en • sy/haar kennis aan te wend van die tipes assessering wat gebruik word in Tegnologielesse. 		
Modulekode: TECD321		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA TEGNOLOGIEMETODIEK: INT FASE		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor soliede kennis te beskik v de NKV-beleid vir die leerarea Tegnologie in die Intermediêre Fase; • sy/haar kennis en vaardighede aan te wend in probleem-gebaseerde onderrigbenaderings en die vermoë te openbaar om gepaste Tegnologielesse te beplan in ooreenstemming met die unieke metodologie van Tegnologie, met of sonder hulpbronne; • oor gepaste kennis te beskik van die tipes assessering wat gebruik word in Tegnologielesse deur dit toe te pas in die Intermediêre Fase; • kreatiewe en kritiese denksprosesse te openbaar in die keuse van, ontwerp en skep van gepaste media vir Tegnologieonderrig; en • gepaste kennis en vaardighede aan te wend in praktiese onderwys. 		
Modulekode: TECD411		NKR-Vlak
Titel:LEERAREA TEGNOLOGIEMETODIEK: INT FASE		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis te beskik aangaande kurrikulumontwikkeling in die leerarea Tegnologie; • gepaste assesseringstrategieë kan toepas en bespreek in die verskillende taaktipes van 'n Tegnologieles; • begrip te openbaar van die aard en praktyk van organiserings- en bestuursvaardighede in die Tegnologieklaskamer; • die proses van ontwerp en saamstel van Tegnologieportefeuljes vir beide studente en opvoeders kan aanbied en kommunikeer; en • 'n begrip en bewustheid te openbaar van die veiligheidsaspekte van toepassing op werksinkels, praktiese sentrums en Tegnologie-klaskamers soos dit deurgaans toegepas behoort te word op die onderrig en leer van Tegnologie. 		
Modulekode: TECD421		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA TEGNOLOGIEMETODIEK: SNR FASE		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • bevoegdheid te openbaar aangaande kurrikulumontwikkeling in die leerarea Tegnologie vir die Senior Fase deur gepaste onderrig- en assesseringstrategieë aan te wend in die verskillende taaktipes van 'n Tegnologieles; • 'n samehangende en kritiese begrip te openbaar van die aard en praktyk van organiserings- en bestuursvaardighede in die Tegnologieklaskamer, spesifiek in terme van werksinkels vir die beplanning en uitvoer van praktiese lesse in die Senior Fase; en • oor die vermoë te beskik om kennis en vaardighede wat bekom is in die voorafgaande modules te integreer in die saamstel en aanbied van 'n Tegnologie-onderrigprojek. 		
Modulekode: TECE211		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n fundamentele kennis te demonstreer van die leerarea Tegnologie binne die Suid-Afrikaanse skolestelsel deur die definisie, doel, unieke eienskappe en omvang van die leerarea Tegnologie te kan beskryf; • volledige kennis te demonstreer van die ontwerpproses soos van toepassing op die probleemoplossende aard van Tegnologie, sowel as die relevansie van die ontwerpproses in 		

<p>Tegnologieonderrig te verduidelik; en</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n basiese kennis van inligtings- en kommunikasietegnologie te demonstreer ten einde oor die vermoë te beskik om toegang tot inligting te verkry, en inligting te gebruik en te prosesseer op die mees gepaste wyses. 		
Modulekode: TECE221		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA TEGNOLOGIE: KOMMUNIKASIE EN STRUKTURE		
<p>Module-uitkomste: Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> begrip te openbaar van die tegnologiese proses (ontwerpproses) soos van toepassing op probleemoplossing; oor volledige kennis te beskik van strukture en relevante meganismes, sowel as die eienskappe en gebruik van weerstandbiedende materiale; oor relevante kennis en vaardighede te beskik van grafiese - en inligtingskommunikasie in tegnologiese produkontwerp; en die bogenoemde uitkomste kan toepas in probleem-gebaseerde onderrig met betrekking tot inheemse tegnologie. 		
Modulekode: TECE311		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA TEGNOLOGIE: PROSESSERING		
<p>Module-uitkomste: Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n Afgeronde kennis en begrip te demonstreer aangaande die prosessering van materiale as deel van die tegnologiese proses; spesialiskennis te kan aanwend i.t.v. die aard en gebruike van sagte materiale; 'n goeie begrip te demonstreer van die rol wat biotegnologie vervul in die moderne samelewing; en die bogenoemde uitkomste kan interpreteer en toepas in probleem-gebaseerde onderrig met verwysing na inheemse tegnologie. 		
Modulekode: TECE321		NKR-Vlak
Titel: LEERAREA TEGNOLOGIE: STELSELS EN BEHEER		
<p>Module-uitkomste: Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> vaardighede en begrip te demonstreer t.o.v. die verskillende tipes kontrolestelsels; elektriese, meganiese, pneumatiese en hidroliese kontrolestelsels kan analiseer, vergelyk, integreer en evalueer; sy/haar eie kontrolestelsel kan ontwerp en kan bou ten einde 'n spesifieke probleem op te los; inheemse kontrolestelsels kan identifiseer en gebruik; en kontrolestelsels suksesvol aan skoolstudente kan fasiliteer. 		
Modulekode: TEWE111		NKR-Vlak
Titel: SWEISTEGNOLOGIE		
<p>Module-uitkomste: Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> basiese kennis, begrip en insig te toon rondom alle kontekstuele idees en prosesse van veiligheidsmaatreëls en goeie huishouding in sweistegnologie; die gebruik en instandhouding van spesifieke handgereedskap en masjinerie prakties te kan demonstreer en beskryf; die konstruksie, eienskappe, behandeling, beskerming en toetse van verskeie tipes ingenieursmateriale te kan beskryf; alle verwante konsepte van oksidasetileen sweiswerk te kan beskryf en toepas; die korrekte terminologie te kan gebruik tydens alle sweis- en teoretiese aktiwiteite; SI eenhede en simbole te kan toepas, sowel as SANS standaard; die korrekte sweissimbole in alle diagramme en sketse te kan gebruik; alle toetse op skarniere volledig te kan beskryf; boogswais te kan beskryf en prakties te kan demonstreer; skarniere te kan maak deur gebruik te maak van verskeie tipes skarniertegnieke; alle skarniere visueel te kan inspekteer; alle veiligheidsmaatreëls te kan beskryf en kan uitvoer aangaande sweistegnologie in ooreenstemming met die Beroepsgeondheids- en Veiligheidswet; en op 'n eties-verantwoordelike wyse op te tree in die werkwinkel en sy/haar leeders te lei om op te tree met die nodige verantwoordelike teenoor medeleeders en gevaarlike aparate. 		

Modulekode: TTED111		NKR-Vlak
Titel: TEGNIESE TEGNOLOGIEMETODIEK		
Module-uitkomste: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • die rasionaal van Tegnologie onderrig in skole te kan verduidelik, sowel as die realiteite wat die Suid-Afrikaanse skole in die gesig staar aangaande die onderrig van Tegnologie in die VOO en AOO fases; • 'n basiese kennis te demonstreeer v d NKV beleid vir d drie Tegnologie rigtings in die VOO-fase; en • die vermoë te demonstreeer om gepaste Tegnologielesse te beplan in ooreenstemming met die unieke metodologie van Tegnologie met kennis van die Tegnologiese proses. 		
Modulekode: TFPF321		NKR-Vlak
Titel: TEGNOLOGIESE GELETTERDHEID VIR GRONDSLAFASE		
Module-uitkomste: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis van probleemoplossingsvaardighede te demonstreeer deur die ontwerpproses toe te pas op tegnologiese probleme en behoeftes; • 'n fundamentele begrip te demonstreeer van kennisareas soos struktuur, prosesse, stelsels en kontrole; • grondige kennis, begrip en waardes aangaande die inter-verhouding tussen tegnologie, die samelewing, ekonomie en omgewing demonstreeer; en • bevoegdheid te demonstreeer m.b.t. die gepaste aanwending van inligting en kommunikasietegnologie. 		
Modulekode: VTEE212		NKR-Vlak
Titel: VOERTUIG TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die student oor grondige kennis en begrip sowel as basiese praktiese vaardighede te beskik wat betref:		
<ul style="list-style-type: none"> • voertuig-elektrisiteit en die basiese elektriese komponente; • voertuig- verkoelingstelsels, smeringstelsels, vergassers, brandstofpompe, koppelaars, remstelsels en remhulp-eenhede; • basiese instandhouding en onderhoud. 		
Modulekode: VTEE222		NKR-Vlak
Titel: VOERTUIG TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die student oor grondige kennis en begrip sowel as basiese praktiese vaardighede te beskik wat betref:		
<ul style="list-style-type: none"> • meganiese en algemene kragte, momente en raamwerke; • die aanwend van pneumatika en hidroulika in lugremming en lugvering; • dryfasse, koppelings, ratte en handratkaste. 		
Modulekode: VTEE312		NKR-Vlak
Titel: VOERTUIG TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die student oor fundamentele kennis en begrip sowel as toepaslike praktiese vaardighede te beskik wat betref:		
<ul style="list-style-type: none"> • finale aandrywing, aandrywingsuitlegte en kombinasies; • silinderkopuitlegte, klepreëling en volumetriese doeltreffendheid; • elektriese stelsels soos spoedbeheer, flikkerligsamestellings, ruitveersamestellings en • konvensionele ontstekingsstelsels. 		
Modulekode: VTEE322		NKR-Vlak
Titel: VOERTUIG TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die student oor fundamentele kennis en begrip sowel as toepaslike praktiese vaardighede te beskik wat betref:		
<ul style="list-style-type: none"> • die uitleg en samestelling van verskeie veerstelsels en stuurstelsels; • die teorie, voor- en nadele van die onderskeie wielsporingshoëke; • brandstoftegnologie insluitend oktaanwaarde, RON-waarde detonasie en ander toepaslike begrippe; • elektriese komponente soos Instrumente, lugversorging, alternators en generators. 		

Modulekode: VTEE412		NKR-Vlak
Titel: VOERTUIG TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module behoort die student oor deeglik begronde kennis en afgeronde begrip sowel as toepaslike praktiese vaardighede te beskik wat betref:		
<ul style="list-style-type: none"> • die beplanning van projekte; • gevorderde remstelsels en traksiebeheer; • kragstuurstelsels, verskeie beheerstelsels, petrolinspuiting, dieselinspuiting, hidrouliese koppelings en die outomatiese transmissie. 		
Modulekode: VTEE422		NKR-Vlak
Titel: VOERTUIG TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module behoort die student oor deeglik begronde en afgeronde kennis en begrip sowel as toepaslike praktiese vaardighede te beskik wat betref:		
<ul style="list-style-type: none"> • enjinwiskunde, enjinbalans, enjinuitleg en ontwerp; • lugbesoedeling en vierwielaandrywing; • kragte en strukture; en • turbines, vertraers en elektroniese ontsteking. 		
Modulekode: WSKT121		NKR-Vlak
Titel: TEGNIESE WISKUNDE: INLEIDENDE ALGEBRA VIR VOO TEGNOLOGIE		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis, begrip en insig demonstreer ten opsigte van elementêre algebraïese bewerkings, 'n verskeidenheid van vergelykings, vektore en komplekse getalle; • vaardigheid demonstreer ten opsigte van die uitvoer van elementêre algebraïese bewerkings, die oplos van 'n verskeidenheid vergelykings, die oplos van probleme wat met vektorgroothede te doen het en die uitvoer van bewerkings met komplekse getalle; • bevoeg wees om bogenoemde vaardighede binne werklikheids-getroue kontekste uit die tegniese en natuurwetenskaplike vakgebiede toe te pas; • in staat wees om die betekenis, geldigheid en akkuraatheid v wiskundige oplossings binne die konteks van werklikheidsgetroue situasies uit die tegniese en natuurwetenskaplike vakgebiede te evalueer. 		
Modulekode: WSKT212		NKR-Vlak
Titel: TEGNIESE WISKUNDE: FUNKSIES EN TRIGONOMETRIE VIR VOO TEGNOLOGIE		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis, begrip en insig demonstreer ten opsigte van die modellering deur gebruik te maak van 'n verskeidenheid van funksies, Cartesiese sowel as poolkoördinaatstelsels, poolkrommes, Cartesiese krommes, kegelsnitte asook lokusse en trigonometrie; • vaardigheid demonstreer in die modellering van werklikheidsgetroue situasies en probleme, basiese analitiese meetkunde, die skets en interpretasie van poolkrommes en Cartesiese krommes van 'n verskeidenheid funksies, die grafiese oplossing van stelsels vergelykings en die oplos van probleme wat met trigonometrie te doen het; • bevoeg wees om bogenoemde vaardighede prakties toe te pas en om werklikheidsgetroue situasies uit die tegniese en natuurwetenskaplike studieveld te modelleer en gepaardgaande probleme op te los; • in staat wees om die betekenis, geldigheid en akkuraatheid van wiskundige modelle en berekeninge soos toegepas op werklikheidsgetroue situasies uit die tegniese en natuurwetenskaplike studieveld te evalueer. 		
Modulekode: WSKT222		NKR-Vlak
Titel: TEGNIESE WISKUNDE: ANALISE VIR VOO TEGNOLOGIE		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> • grondige en sistematiese kennis, begrip en insig demonstreer ten opsigte van die betekenis van die afgeleide en integraal van 'n funksie; • vaardigheid demonstreer in die berekening van die afgeleide vanuit die definisie, die berekening van 'n verskeidenheid afgeleides deur middel van differensiasiereëls, toepassing van die middelpuntreël en die berekening van 'n verskeidenheid onbepaalde sowel as bepaalde integrale met behulp van integrasiereëls; • bevoeg wees om differensiasie en integrasie toe te pas ten einde die gedrag van fisiese prosesse 		

binne werklikheidsgetroue situasies uit die tegniese en natuurwetenskaplike studieveld te analiseer en probleme op te los waar veranderingstempo's, oppervlaktes, totale veranderings en volumes betrokke is;

- in staat wees om die betekenis en geldigheid van sy analise of oplossings binne die konteks van werklikheidsgetroue situasies uit die tegniese en natuurwetenskaplike studieveld te evalueer.

Modulekode: WVOS221

NKR-Vlak

Titel: VERSTAAN DIE OPVOEDINGSWĒRELD

Module-uitkomst:

Na afloop van hierdie module behoort die student:

- oor 'n kennisbasis van 'n verskeidenheid wêreldbeskouings en ideologieë te beskik en blyke te kan lewer van hul kritiese begrip deur hul vermoë om die aard en funksie asook verskillende kontemporêre manifestasies van hierdie wêreldbeskouings en ideologieë te kan vergelyk;
- oor die vermoë te beskik om die interverwantskap van verskynsels soos dit in natuurlike en sosiale sisteme voorkom, te verstaan, en vanuit hierdie perspektief werklike lewensprobleme of gevallestudies wat op kernvraagstukke van ons tyd gebaseer is, soos armoede, voortdurende verandering, menseregte, MIV/Vigs, magsmisbruik, korrupsie, rasisme, xenofobie ens, te ontleed;
- daartoe in staat te wees om hul persoonlike wêreldbeskouing in woorde te kan uitdruk en dit aan te wend as 'n vertrekpunt om uitvoerbare oplossings vir kernvraagstukke en -probleme van ons tyd op tipies akademiese wyse te beredeneer en te kommunikeer.

Modulekode: WVOS311

NKR-Vlak

Titel: HOOFSTROME IN DIE FILOSOFIE VAN DIE OPVOEDKUNDE

Module-uitkomst:

Na afloop van hierdie module behoort die student:

- oor 'n deeglike en sistematiese kennis van die belangrikste basiese vraagstukke in die relevante studieveld te beskik en blyke te kan lewer van 'n kritiese verstaan van die metateoretiese aannames waarop basiese vraagstukke berus;
- blyke te kan lewer van kennis en 'n kritiese begrip van spesifieke vorme van etiek wat op die studieveld van toepassing is, soos 'n gedragskode wat vir alle mense geld of die algemene handves van menseregte, en dat hulle daartoe in staat is om sodanige vorme van etiek oordeelkundig toe te pas om enkele heersende temas of vraagstukke wat in die studieveld voorkom, te analiseer, te evalueer en moontlike oplossings aan die hand te doen;
- blyke te kan lewer van die vermoë om die aannames waarop 'n gekose tema of vraagstuk gefundeer is, te analiseer, te sintetiseer en te kritiseer, 'n persoonlike mening rakende die tema of vraagstuk te kan formuleer wat getuig van 'n persoonlike, koherente wêreldbeskouing en die bevindinge in 'n voordrag te kan aanbied deur van toepaslike tegnologie gebruik te maak, en dit ook in 'n geskrewe brongebaseerde verslag in 'n tipies akademiese formaat te kan aanbied.

OV.4.2 MODULE UITKOMSTE VIR DIE GEVORDERDE ONDERWYS SERTIFIKAAT (GOS)

Modulekode: AGSK 512 (16)	NKR-Vlak
Titel: AFRIKA-GESKIEDENIS	
Module-uitkomste:	
<ul style="list-style-type: none"> Na voltooiing van die module behoort die student kennis oor en insig in aspekte van die geskiedenis van Afrika te hê, wat deur 'n geskiedenisonderwyser in die Algemene Onderwys en Opleiding- en Verdere Onderwys en Opleidingsfasies benodig word. Hierdie aspekte sluit in: geselekteerde fasette van die voorkoloniale geskiedenis van die kontinent, kolonialisme in Afrika en die vryheidstryd, die proses van dekolonisasie, politieke en sosio-ekonomiese tendense in n-koloniale Afrika, en Afrika se internasionale betrekkinge tydens die Koue Oorlog. Die student moet 'n kritiese ingesteldheid ten opsigte van verskillende historiese vertolkings ontwikkel en basiese vaardighede in die verwerking en kommunikasie van historiese inligting verwerf. Die vakinhoud van hierdie module word aangewend as die kennisbasis vir die VGAK 511-vakdidaktiekmodule. Deur die kombinasie van die twee modules word vakkennis en didaktiese beginsels en metodes op 'n vervlegte wyse aangebied. 	
Modulekode: NVMI 523 (8)	NKR-Vlak
Titel: INLEIDING TOT NAVORSINGSMETODES	
Module-uitkomste:	
<p>Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die konsep, opvoedkundige navorsing en verskillende tipes navorsing te kan verduidelik; Basiese filosofiese aspekte binne die raamwerk van opvoedkundige navorsing, waarin die keuse van metodologie en navorsingsmetodes gegrond is, te kan verduidelik; Navorsingsprobleme, probleemstelling en betekenis/bydrae van die studie te kan ontwikkel; 'n Literatuurstudie te kan onderneem en 'n hipotese te formuleer; Te verstaan hoe om kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes in opvoedkundige navorsing toe te pas Navorsingsontwerp en prosedures te ontwikkel, 'n populasie te kies en om steekproeftegnieke toe te pas; Geskikte navorsingsinstrumente en data insamelings prosedures te ontwikkel; 'n Data-analise te onderneem, insluitende beskrywende en inferensiële statistieke; en Om bibliografiese verwysings korrek te gebruik en die korrekte verwysingstegnieke toe te pas. 	
Modulekode: EUCE 511 (8)	NKR-Vlak
Titel: EINDGEBRUIKER REKENAARWETENSKAP VIR ONDERWYSERS	
Module-uitkomste:	
<p>Na suksesvolle voltooiing van die module, sal die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n rekenaar kan definieer; verskeie onderdele van 'n rekenaar kan benoem en beskryf; vaardige en doeltreffende gebruik van die volgende toon: <ol style="list-style-type: none"> 'n woordverwerkingsprogram 'n sigbladprogram 'n grafiese program 'n e-posprogram 'n webblaai- en soekenjins; insig hê en die gebruik van rekenars in die onderwys kan verduidelik; en insig hê en aspekte rondom die veilige en etiese gebruik van rekenars kan verduidelik 	
Modulekode: FSET 511 (8)	NKR-Vlak
Titel: GRONDSLAGSTUDIES	
Module-uitkomste:	
<p>Na voltooiing van hierdie module sal studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> hul kennis sistematies in verband kan bring met die mikro- en makro faktore wat histories die ontwikkeling van opvoeding beïnvloed het; die vermoë kan demonstreer om die geskiedenis van opvoeding en die faktore wat dit beïnvloed het in verband te bring met 'n persoonlike opvoedingsfilosofie en te bewys deur middel van voorbeelde uit die onderwyspraktijk; die vermoë hê om navorsing te doen en verslag te lewer oor die verskil tussen <i>politieke demokrasie</i> en <i>demokratiese opvoeding</i>, en ook krities en selfstandig die komplekse aard van demokratiese opvoeding in die klaskamer te evalueer, spesifiek ten opsigte van verskillende vorme 	

van diskriminasie; <ul style="list-style-type: none"> die komplekse probleme as gevolg van die eise wat demokrasie aan die morele kapasiteit van onderwysers en studente stel, hul persepsie van hul morele plig en die kompleksiteit rondom die vestiging van waardes in Suid-Afrikaanse skole, te kan interpreteer en oplossings voor te stel. 		
Modulekode: GBGK511 (16)		NKR-Vlak
Titel: GEVORDERDE BEVOLKINGSGEOGRAFIE EN STEDELIKE GEOGRAFIE		
Module-uitkomst:		
Die student behoort te kan demonstreer dat hulle die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om in bevolkingsgeografie die demografiese oorgang en gelykstelling, bevolkingsverspreiding, -data en -projeksies te kan bespreek; in stedelike geografie die intrastedelike struktuur, stedelike diversiteit, stedelike probleme en middestadverval te kan verduidelik en bespreek.		
Modulekode: GGGK521 (16)		NKR-Vlak
Titel: VAKDIDAKTIK VAN GEOGRAFIE B		
Module-uitkomst:		
Die student behoort te kan demonstreer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om omgewingsopvoeding te kan beskryf en te kan toepas; probleemoplossingsmetodes, konsepvorming en onderrigleertegnieke in Geografie bemeester het.		
Modulekode: GKLK521 (16)		NKR-Vlak
Titel: GEVORDERDE KLIMATOLOGIE EN GEOMORFOLOGIE		
Module-uitkomst:		
Die student behoort te kan demonstreer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om by klimaatologie die weerverstoringe, plaaslike weerverskynsels, stedelike klimaat en klimaatklassifikasie te kan bespreek; by geomorfologie die interne en eksterne kragte wat die aarde verander te kan beskryf asook die vorming van grond, grondprofiel en fisiese kenmerke van grond te kan bespreek; kwantitatiewe bewerkings te kan toepas.		
Modulekode: GSGK511 (16)		NKR-Vlak
Titel: VAKDIDAKTIK VAN GEOGRAFIE A		
Module-uitkomst:		
Die student behoort in staat te wees om te kan demonstreer dat hy/sy die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om die UGO-benadering vir Geografie te kan toepas; die gebruik van atlasse, hulpmiddels, uitstappies en werkskaarte in Geografie te kan bespreek		
Modulekode: HIVA 521 (8)		NKR-Vlak
Titel: MIV/VIGS: WETGEWING, BERADING EN ONDERSTEUNING		
Module-uitkomst:		
Na die voltooiing van hierdie module behoort die student moet in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> die wetgewing ten opsigte van die hantering van HIV/VIGS in skoolverband te verstaan, die regte en verpligtinge van die HIV/AIDS positiewe studente en opvoeders te ken en die beskerming van studente en opvoeders binne die skool te bevorder. vaardighede te toon om riglyne vas te stel vir 'n verantwoordbare, gesonde skoolomgewing vir studente met MIV/VIGS kennis en vaardighede te ontwikkel om sorg en berading toe te pas die vaardigheid te bekom om vir die student met MIV/VIGS 'n individuele opvoedkundige program te kan ontwerp 		
Modulekode: LSDL 528 (16)		NKR-Vlak
Titel: GESTREMDHEDE EN LEERHINDERNISSE IN ONDERWYS		
Module-uitkomst:		
Na die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> begrip van gestremdhede en leerprobleme as hindernisse tot leer te demonstreer leer verskille te erken wat individuele leerders toevoeg tot die klas en hoe hierdie leer verskille leer en onderrig praktyke en prosesse kan ondersteun erkenning te gee aan die rol van die onderwyser, skool, die familie en die gemeenskap wat verseker dat alle leerders wat hierdie en ander hindernisse tot leer beleef toegang sal hê tot die kurrikulum. 		
Modulekode: LSED 518 (16)		NKR-Vlak
Titel: EMOSIONELE EN ANDER HINDERNISSE IN ONDERWYS		
Module-uitkomst:		
Na die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> kennis te demonstreer van leerders wat emosionele en ander probleme beleef 		

<ul style="list-style-type: none"> erkenning te gee aan die rol van die onderwyser, die skool, die familie en die gemeenskap vir die ondersteuning van leerders wat hindernisse tot leer beleef basiese beradingsbeginsels toe te pas en vaardighede en die ondersteuning van leerders wat emosionele en ander hindernisse tot leer beleef 		
Modulekode: LSIE 518 (16)		NKR-Vlak
Titel: INKLUSIEWE ONDERWYS: 'N BELEIDSPERSPEKTIEF		
Module-uitkomst:		
Na die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> Kennis te demonstreeer aangaande die inklusiewe onderwys beleid (onderwys witskrif 6), met spesifieke verwysing na die voorgestelde ondersteuningstruktuur, sowel as die konsep van hindernisse wat leer en ontwikkeling beïnvloed; Skool gebaseerde ondersteuning toe te pas aan leerders wat hindernisse tot leer beleef deur middel van 'n geïntegreerde span benadering; Kurrikulum differensiasie en assesseringstrategieë in 'n inklusiewe klaskamer te verstaan en toe te pas. 		
Modulekode: LSSH 528 (16)		NKR-Vlak
Titel: SOSIALE- EN GESONDHEIDSKWESSIES IN ONDERWYS		
Module-uitkomst:		
Na die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> begrip te demonstreeer van leerders wat sosiale en gesondheidsprobleme beleef as hindernisse tot leer; 'n gesondheidsbevordering-benadering in skool en klaskamer konteks toe te pas om leerders te ondersteun wat hindernisse tot leer, beleef; en erkenning te gee aan die rol van die onderwyser, die skool, die familie en die gemeenskap vir die ondersteuning van leerder wat hierdie en ander hindernisse tot leer beleef. 		
Modulekode: LOBO 571 (32)		NKR-Vlak
Titel: BURGERSKAP-OPVOEDING		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om sy/haar verstaan van verantwoordelike burgerskap te demonstreeer ten opsigte van onderrig en leer en die bou van 'n inklusiewe gemeenskap		
Modulekode: LOCK 571 (32)		NKR-Vlak
Titel: PERSOONLIKE WELSTAND: FISIESE GESONDHEID EN REKREASIE		
Module-uitkomst:		
Na die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om 'n verband te trek tussen lewensvaardighede en die onderwys en om insig te demonstreeer rakende bepaalde aspekte van die welstand van die ek.		
Modulekode: LOHA 571 (32)		NKR-Vlak
Titel: PERSOONLIKE WELSTAND: GESONDHEID EN VIGS		
Module-uitkomst:		
Na suksesvolle afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om kennis, vaardighede en waardes te demonstreeer in die onderrig-leerproses van studente om gesondheidsorg te verstaan en toe te pas rakende voeding, versorg, fisiese aktiwiteite, dwelms, geslagsiektes en HIV/VIGS.		
Modulekode: MLED 571 (32)		NKR-Vlak
Titel: WISKUNDE: ELEMENTÊR		
Module-uitkomst:		
<ul style="list-style-type: none"> Lineêre, kwadratiese, polinoom-, eksponensiële, logaritmiëse en trigonometriëse funksies te kan toepas deur genoemde funksies op verskillende wyses voor te stel, asook die interpretasie van die funksies in lewenswerklike kontekste; Trigonometrie en meetkunde deur lewenswerklike probleme op te los deur gebruik te maak van twee- en drie-dimensionele figure; Elementêre statistiek deur die insameling, samevatting, voorstelling, analisering en interpretasie van data, voorspelling van uitkomst van gebeure te kan maak en waarskynlikhede te kan bepaal, asook die toepassing daarvan in lewenswerklike probleme; Die natuurlike getalle, heelgetalle, rasionale getalle, reële getalle, asook die motivering vir die uitbreiding van een getalstelsel na 'n ander; en die toepassing van hierdie kennis in lewenswerklike situasies. 		

Modulekode: MLED 572 (32)		NKR-Vlak
Titel: DIDAKTIEK VAN WISKUNDIGE GELETTERDHEID		
Module-uitkomste: Na afhandeling van hierdie module behoort die student grondige kennis en insig ten opsigte van die inhoud en struktuur van die wiskundige geletterheidskurrikulum te kan toepas in die beplanning en uitvoer van onderrig-leergeleenthede in uitkomsgebaseerde klaskamers, insluitend die ontwikkeling en gebruik van onderrig-leermedia, asook geïntegreerde assessering.		
Modulekode: MLED 574 (32)		NKR-Vlak
Titel: WISKUNDIGE GELETTERDHEID IN KONTEKS		
Module-uitkomste: Na afhandeling van hierdie module behoort die student grondige kennis en verworwe insig in wiskundige geletterdheid te toon met betrekking tot die historiese ontwikkeling van wiskunde en die gebruik van wiskunde in die wêreld van werk, die alledaagse lewe en in verskillende kulture, insluitend etnowiskunde.		
Modulekode: MLED 576 (32)		NKR-Vlak
Titel: WISKUNDE IN KONTEKS II		
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module, behoort leerders		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Afgeronde vaardigheid in en 'n sistematiese benadering tot die selektering van gepaste lewenswerklike en nagebootste kontekste waarin 'n basiese kennis van funksies gegrond kan word, te toon. • Probleemoplossingsvaardighede deur die toepassing van 'n basiese kennis van funksies in die wiskundering van lewenswerklike en nagebootste kontekste, te toon. • Waardering vir die rol wat 'n basiese kennis van funksies speel as gereedskap waarmee sin uit lewenswerklike en nagebootste kontekste gemaak kan word, te toon. • Die geldigheid en toepaslikheid van wiskundige oplossings binne lewenswerklike en nagebootste kontekste te evalueer en 'n waarde-oordeel te fel aangaande die plek wat funksies binne die breër raamwerk van wiskundige geletterdheid behoort in te neem. • 'n Afgeronde vaardigheid in en 'n sistematiese benadering tot die selektering van gepaste lewenswerklike en nagebootste kontekste waarin 'n basiese kennis van vorm, ruimte en meting gegrond kan word, te toon. • Probleemoplossingsvaardighede deur die toepassing van 'n basiese kennis van vorm, ruimte en meting in die wiskundering van lewenswerklike en nagebootste kontekste, te toon. • Waardering vir die rol wat 'n basiese kennis van vorm, ruimte en meting speel as gereedskap waarmee sin uit lewenswerklike en nagebootste kontekste gemaak kan word, te toon. • Die geldigheid en toepaslikheid van wiskundige oplossings binne lewenswerklike en nagebootste kontekste te evalueer en 'n waarde-oordeel te fel aangaande die plek wat vorm, ruimte en meting binne die breër raamwerk van wiskundige geletterdheid behoort in te neem. 		
Modulekode: NDWK522 (16)		NKR-Vlak
Titel: DIDAKTIEK VAN WISKUNDE (AOO-BAND)		
Module-uitkomste: Die student behoort kennis, vaardighede en waardes te kan demonstreer ten opsigte van onderrig- en leerstrategieë, sowel as om tegnologiese en leerhulpmiddele vir die leer van Wiskunde op Intermediêre en Seniorfases te kan gebruik; in staat te wees om sy/haar verworwe kennis en vaardighede betreffende die hulpmiddele en strategieë in die onderrig van Wiskunde in die AOO- band toe te pas.		
Modulekode: NEBK511 (16)		NKR-Vlak
Titel: DIE AARDE EN DAARBUTE VIR WETENSKAP		
Module-uitkomste: Die student behoort die ontwikkeling van temas van alle essensiële aspekte van Geografie en Geologie te kan toepas wat op leef en lewe betrekking het, in die AOO-band te fasiliteer.		
Modulekode: NECK521 (16)		NKR-Vlak
Titel: ENERGIE EN VERANDERING VIR WETENSKAP		
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om die ontwikkeling van temas rondom energie en verandering, die noodsaaklike aspekte van Fisika en verwante leerervarings in die AOO-band te fasiliteer.		
Modulekode: NLLK511 (16)		NKR-Vlak
Titel: LEWE EN LEWENSWYSE VIR WETENSKAP (AOO-BAND)		
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om die ontwikkeling van temas van alle essensiële aspekte van Plantkunde, Dierkunde en Fisiologie wat op leef en lewe betrekking het, in die AOO-band te fasiliteer.		

Modulekode: NMMK521 (16)	NKR-Vlak
Titel: MATERIE EN MATERIALE VIR WETENSKAP	
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om die ontwikkeling van temas van alle essensiële aspekte van Chemie betreffende materie en materiaal in die AOO-band te fasiliteer.	
Modulekode: NDSK521 (16)	NKR-Vlak
Titel: DIDAKTIEK VAN NATUURWETENSKAP (Intermediër)	
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module, moet die leerder die kennis, vaardigheid en waardes wat verband hou met wesenlike aspekte van onderwys, leer en die gebruik van onderwys hulpmiddels op intermediêre- en senior vlakke, kan demonstreer. Die leerder sal 'n grondige teoretiese kennis van konstruktivisme se toepassing op fisika en chemie op hierdie vlakke hê; asook die manier waarop alternatiewe beskouinge impakkeer op die leer van hierdie vakke. Leerders sal ook die geleentheid hê om die inhoud van die relevante nasionale kurrikulum ten opsigte van inhoud, vlak, ontwikkelingslyn en vereiste voorkennis, te verken. Die leerder sal vertrou wees met 'n verskeidenheid opleidingsstrategieë en assesseringstegnieke wat toegepas kan word in algemene wetenskap. Bykomend sal die leerder vertrou wees met die beginsels van effektiewe laboratoriumveiligheid, organisering en bestuur.	
Modulekode: NWPK511 (16)	NKR-Vlak
Titel: GETALONTWIKKELING	
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om deur middel van fasilitering 'n begrip van syfers en breuke by sy/haar studente te ontwikkel en die vier tipe berekenings in die AOO-band te fasiliteer.	
Modulekode: NWPK512 (16)	NKR-Vlak
Titel: GRONDSLAE VAN ALGEBRA	
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om die fundamentele beginsels van Algebra by sy/haar studente tuis te bring deur middel van fasilitering in die AOO-band.	
Modulekode: NWPK521 (16)	NKR-Vlak
Titel: MEETKUNDIGE ONTWIKKELING	
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om die geometriese konsepte by sy/haar students tuis te bring deur middel van fasilitering in die AOO-band.	
Metode van aflewering:	
Modulekode: NWPK522 (16)	NKR-Vlak
Titel: GRAFIKA EN DATAHANTERING	
Module-uitkomste: Die student behoort in staat te wees om die verwerking van probleemoplossingsvaardighede betreffende interpretasie van grafieke en statistiese data aan sy/haar studente oor te dra deur middel van fasilitering in die AOO-band.	
Modulekode: ORAK511 (8)	NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSREG, -STELSLS EN -ADMINISTRASIE A	
Module-uitkomste: Die student moet kennis, vaardighede en insig demonstreer met betrekking tot die skool as organisasie en die onderwys as profesie; die onderwyser se verhouding met sy/haar werkgewer kan ontleed deur veral te fokus op die diensvoorwaardes van die onderwyser.	
Modulekode: ORAK521 (8)	NKR-Vlak
Titel: ONDERWYSREG, -STELSLS EN -ADMINISTRASIE B	
Module-uitkomste: Die student moet kennis, vaardighede en perspektief kan demonstreer om as bestuurder in die onderwys op te tree; die nodige kennis van die onderwysreg demonstreer deur te alle tye korrek op te tree as onderwyser wat betref sy/haar regte en verpligtinge; bewus wees van die besondere eise wat aan die beginneronderwyser gestel word; die nodige strategieë kan implementeer om sy/haar toegang tot die profesie so effektief moontlik te laat verloop.	
Modulekode: ORLK511 (8)	NKR-Vlak
Titel: ONDERRIG EN LEER A	
Module-uitkomste: Die student behoort kennis, begrip en vaardigheid ten opsigte van onderrig en leer te demonstreer deur onderskeidelik die inligtingverwerkings- en konstruktivistiese benadering tot leer te beskryf en met mekaar	

te vergelyk; die kognitiewe, metakognitiewe en motiveringsveranderlikes wat bydra tot effektiewe leer te beskryf en te ontleed; die bydrae van 'n interaktiewe onderrigbenadering, met inbegrip van koöperatiewe leermodelle en geskikte onderrig-leermetodes en -media, en deurlopende assessering tot effektiewe onderrig-leerstuasies te beskryf, ontleed en te illustreer.		
Modulekode: ORLK521 (8)		NKR-Vlak
Titel: ONDERRIG EN LEER B		
Module-uitkomste: Die student behoort kennis, begrip en vaardigheid ten opsigte van onderrig, leer en die kurrikulum te demonstreer deur effektiewe leer te ontleed aan die hand van 'n model van die effektiewe student; motivering volgens die attribusieteorie en selfdoeltreffendheidsoortuigings kan verduidelik en ontleed; die bydrae van effektiewe kurrikulering, soos vergestalt in die kurrikulumsiklus, tot doeltreffende onderwys te beskryf, ontleed en te illustreer.		
Modulekode: SSGK 521 (16)		NKR-Vlak
Titel: SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS (1948-1994)		
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die student kennis en insigte te hê in die volgende aspekte van die twintigste eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis: Konsolidering van die apartheid-staat, 1948-1966; Die stryd teen isolasie, 1966-1978; Apartheid by 'n kruispad, 1960-1983; Die aftakeling van Apartheid, 1984-1994.		
Modulekode: VGAK 511 (16)		NKR-Vlak
Titel: VAKDIDAKTIEK GESKIEDENIS A		
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module moet die student sy verworwe kennis, vaardighede, insig en waardes demonstreer op die volgende terreine: onderrig en leiding aan studente van Geskiedenis in die formatiewe waarde en praktykgerigte fokus van Geskiedenis. Met behulp van die nodige kennis, insig en praktiese ervaring wat verkry is in die evaluering van gepubliseerde geskiedenis werke behoort die student ook met meerdere insig rakende vertolkingswyses, en die wyse waarop 'n kritiese ingesteldheid hierteenoor in 'n leerontmoetingsituasie toepaslik gemaak kan word, enige leerinhoud te kan benader.		
Modulekode: VGBK 512		NKR-Vlak
Titel: (16) VAKDIDAKTIEK GESKIEDENIS B		
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module moet die student sy verworwe kennis, vaardighede, insig en waardes demonstreer op die volgende terreine: die wyse waarop die leerontmoetingsproses in geskiedenisonderrig benader sou kon word, sinvolle jaarbeplanning van leerinhoude, die vorme en wyses van die toepassing van 'n verskeidenheid van vaardigheidsgerigte onderrigbenaderings; van historiese bronne en assesseringstegnieke.		